

# *ΛΑΟΔΙCÉΑ! ΛΑΟΔΙCÉΑ!*



## *Die Getuie van die Nuwe Verbond*



Die Nuwe Verbond is 'n bloedverbond en die ware Kerk is die Bruid van Christus. Die Bruid neem aktief deel aan die Verbond. Heilige geskiedenis sal haar verseker as getuie roep. Sy teken en seël die Nuwe Verbond met haar Bruidegom. Haar getuienis word benodig voor die Nuwe Verbond uitgevoer kan word. Dit is nodig voor die bruilof van die Lam voltrek kan word.

## *INLEIDING*

Laodicéa verteenwoordig Adventiste wat nie in die lig wandel nie. "Die boodskap aan die Laodicéense is op Sewendedagadventiste, wat groot lig het en wat nie in die lig gewandel het nie, van toepassing." - *2 Selected Messages*, 66. Jy wil nie 'n Laodicéenser wees wanneer Jesus terugkeer nie.

As ons glo dat ons in Laodicéa is, kan ons weet dat die teenwoordigheid van God nie in ons midde is nie. Dit maak nie saak hoeveel bewyse ons dink ons gesien het dat die teenwoordigheid van God in ons midde is nie. "Geloof is nie 'n bewys van dinge wat ons sien nie" (Heb. 11:1). Diegene wat leef volgens wat hulle sien, sal mislei word, omdat Satan baie tekens en wonders in hierdie laaste dae sal doen. Hy bring vuur uit die hemel voor die oë van mense, net soos die vuur van God se Gees op Pinksterdag af gekom het. Satan sal dit naboots.

"Geestelik afgestomp, is nederigheid en kinderlike geloof weg en 'n werktuiglike, formele belydenis van geloof het die plek van liefde en toewyding oorgeneem. Gaan hierdie treurige toestand van sake voortduur? Gaan die lamp van God se liefde in duisternis doodgaan? Die kerk is soos die onvrugbare boom, wat die dou en die reën en die sonskyn ontvang en 'n oorvloed van vrugte moes oplewer, maar waaraan die Goddelike ondersoek slegs blare vind. Dit is 'n ernstige gedagte vir ons kerke! Ernstig inderdaad vir elke individu! Wonderbaarlik is die geduld en lankmoedigheid van God, maar "tensy jy jou bekeer", sal dit uitgeput word. Die kerke, ons inrigtings sal al hoe swakker word van koue, uiterlike vorm na doodsheid, terwyl hulle sê: **Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie.** - Openb. 3:17. Die waaragtige Getuie sê: **En jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie** (v. 17). Sal hulle ooit hulle ware toestand duidelik insien?

Daar behoort in die kerke 'n wonderlike manifestasie van die krag van God te wees, maar dit sal nie met hulle gebeur wat hulle nie voor God verootmoedig en die deure van hulle harte deur belydenis en berou geopen het nie. In die manifestasie van daardie krag, wat die aarde met die heerlikheid van God verlig, sal hulle slegs iets sien wat hulle in hul blindheid dink gevaarlik is, iets wat hulle vrese sal wakker maak en hulle sal hulself staal om dit te weerstaan. Omdat die Here nie volgens hulle idees en verwagtinge werk nie, sal hulle die werk teenstaan. "Hoekom", sê hulle, "kan ons nie die Gees van God ken, terwyl ons vir soveel jare in die werk betrokke was nie?" Dit is omdat hulle nie op die waarskuwings, die dringende versoeke van die boodskappe van God gereageer het nie, maar volhardend gesê het: **Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie.** - *Review and Herald Extra*, 23 Desember 1890.

Watter soort herlewing sal daar met die Laodicense wees? Is ons seker ons wil met daardie boot die hawe invaar?

"As die kerk louwarm word, staan sy niks meer in God se guns as die kerke wat as geval en 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls voorgestel word nie." - *19 Manuscript Release*, 176.

Om Laodicénsies te wees is om nie anders as gevalle Babilon te wees nie. Albei dink hulle "sit as koningin en sal nooit droefheid sien nie" (vgl. Openb. 18:7). Die koopware van Laodicéa is nie goed nie (Openb. 18:11-12). Moet dit nie koop nie. Dit sal soos strooi verbrand. Koop Goud wat deur vuur gelouter is (Openb. 3:18). Die Geloof van en in Jesus.

oOo

Vertaal en saamgestel deur dr. *Hans Koen*

Tel: 021 872 8756; Sel: 076 689 9246; E-pos: [estellie@telkomsa.net](mailto:estellie@telkomsa.net)

## *DIE SEWE KERKE - DIE LOUWARM KERK*

Prof. Walter Veith

In die brief aan Laodicéa is daar 'n berisping omtrent die toestand van die hart:

**Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm. Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug.**

Hierdie berisping is aan die kerk, maar 'n kerk bestaan uit individue. Hierdie diagnose van ons toestand is 'n individuele diagnose en ons moet elkeen individueel aan die waarskuwing aandag gee. Louwarmheid is 'n onaanvaarbare toestand en sal in ewige verlore wees eindig. Die toestand van louwarmheid moet genees word.

**Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie. - Openb. 3:17.**

*Hoekom is ons louwarm?*

Ons is louwarm, omdat ons glo dat ons ryk is en die waarheid het. Ons glo ons is nie mislei nie. Selfs onder diegene wat weet die waarheid rus op die twee pilare van gehoorsaamheid aan God (die onderhouding van Sy gebooi) en die geloof in en van Jesus. Daar heers 'n gees van selfvoldaanheid en selfgenoegsaamheid, 'n vals bewustheid van sekuriteit en 'n gebrek aan toegewydheid en verknogtheid aan Christus.

Die Jode het die fout gemaak deur in hulle gehoorsaamheid aan God se wet te vertrou, eerder as in die verdienste van die Messias, wat aan hulle 'n skyn van geregtigheid voorsien het. Die grootste gedeelte van

Christene vandag vertrou in die verdienste van Christus sonder gehoorsaamheid aan Sy voorskrifte. Dit is net so gevaarlik. Alhoewel Christus se kleed van geregtigheid verniet aan elkeen aangebied word wat Jesus Christus as Here bely, is die volgende stap 'n geskiktheid vir die hemel - 'n onderwerping aan Christus se reinigende werk in ons lewens wat ons van binne in nuwe mense verander.

Die volk van die oorblyfsel weet dit. Regverdigmaking en heiligmaking is gewes van God deur die verdienste van Jesus Christus. Gehoorsaamheid is 'n gevolg van hierdie vaste vertroue in Christus.

*Hoekom is ons ellendig en beklaenswaardig en arm, blind en naak?*

Ons is ellendig, omdat ons mislei is. Ons is beklaenswaardig, omdat ons dink ons is nie mislei nie, terwyl ons is. Ons is ongelukkig selfs terwyl ons volhard om ons eie gang te gaan, selfs as slegs God se weë ware blydskap belowe. Ons is arm, omdat ons glo dat ons die waarheid omhels het, terwyl ons die boot gemis het.

Ons is blind, omdat ons dink ons is in staat om waarheid van dwaalleer te onderskei, terwyl ons nie kan nie. Ons is nakend, omdat ons dink ons is met die geregtigheid van Christus bekleed, terwyl die kleed wat ons aanhet 'n kleed van ons eie maaksel is.

Belydende Christene, soos alle mense, moet na gehoorsaamheid aan God teruggebring word. Hulle moet aangemoedig word om hulself van valse godsdienste te skei en om die beginsels van die wet van God te handhaaf en te verdedig, eerder as om die merk van die dier te aanvaar.

**Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere dat jy jou kan aantrek en die**

skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en self om jou oë te self, sodat jy kan sien. - Openb. 3:18.

Die **goud** wat ons opdrag gegee word om te koop is die goud van geloof en liefde wat sonder die eie-ek is. Die **wit klere** is die geregtigheid [reg doen] van Christus, 'n kledingstuk wat geen steek van ons eie maaksel het nie. Die **oogsalf** is geestelike onderskeiding wat ons in staat stel om te herken waar die probleem lê - by elkeen van ons.

Die boodskap aan Laodicéa is bedoel om 'n verandering in elke individu te weeg te bring, nie om onenigheid onder die broeders te bring nie. Deur Christus kan ons oorwin.

Opsomming: Een van Laodicéa se hoofoute was haar louwarmheid. As Laodicéa die kerk van vandag tipeer, dan het ons werk om op ons eie te doen omtrent ons eie louwarmheid.

\*\*\*\*\*

## *LAODICÉA*

### *“LOUWARMHEID IN DIE KERK”*

Al die boodskappe aan die sewe gemeentes is besonder prakties. Dit pas veral die toestande in die Westerse lande waar die kerk louwarm in haar misleide selfgenoegsaamheid geword het.

Een van die merkwaardige ligpunte in die verstommende politieke veranderinge in Oos-Europa is die feit van 'n lewendige Christendom wat verrys het te midde van die lyding, vervolging en ateïsme van die Kommuniste wat hierdie lande gedomineer het.

In skrilte kontras hiermee is in vrye Europa, waar daar voorspoed en demokrasie is, die kerk byna heeltemal dood. Die kerk het opgehou om

enige invloed op die gemeenskap te hê. Ateïsme en humanisme het oorgeneem. Regerings en staatsbeleid word bykans totaal deur filosofieë beheer wat anti-Bybels en selfs onverdraagsaam teenoor die waarheid van die Skrifte is.

Die Amerikaanse regering en die media, wat die denke van so baie mense affekteer, is, vir die grootste gedeelte, liberaal en onverdraagsaam teenoor die Christendom. Die leierskap in Amerika en Europa beywer hulle vir 'n een wêreld regering, terwyl die bevolkings in beslag geneem word deur hulle gemak en genietinge of 'n goeie lewe. Die morele klimaat of toestand van Europa, sowel as Amerika is tot die kern verrot. Volgens 'n aantal opnames wat, as jy die waardes, voorkeure, praktyke en strewes van belydende Christene en nie-Christene met mekaar vergelyk, vind jy oor die algemeen 'n baie klein verskil.

Nogtans het Europa en die hele Amerika hulle vryheid, hulle voorspoed en seëninge te danke aan die verkondiging van die Woord van God, aan die hervorming in Europa en aan die bediening van manne soos die Wesleys, George Whitfield en Jonathan Edwards in Amerika.

Wat dan is die probleem? Is dit vryheid? Nee! Maar daar is inherente gevare in sowel vryheid as voorspoed - subtiele gevare.

Dit is meer as 'n nuuskierigheid dat die kerk agter die ystergordyn gefloreer het, terwyl dit in die Weste sterf. Die redes is duidelik: Omdat daar geen sigbare, eksterne bedreiging vir ons geloof is nie, het baie in die vrye wêreld alle bewustheid van die subtiliteit van die vyand en hoe hy aanval, verloor. Ons het traak-my-nieagtig en afsydig geword. Ons het meer besorgd oor ons eie gemak en welstand geword as oor die gebod van Christus dat ons Sy voetspore moet navolg (vgl. 1 Pet. 2:21).



So, wat is die probleem? Mense kan voorspoed nie hanteer nie. Met vryheid en voorspoed kom die versoeking om in ons seëninge eerder as in die Seëngewer te vertrou. Ons het ryk en gemakugtig en selfgenoegsaam geword. As ons baie het, is ons geneig om te dink ons het niks nodig nie. As ons nie genoeg het nie, en ons kyk na die rykdom, is ons geneig om te dink wat ons nodig het en wat andere het - materiële seëninge.

Die probleem is dat mense hulle geloof in die verkeerde dinge plaas, in hulle materiële wêreld, in skatte op aarde. Christus sê vir ons in geen onsekere taal om die teenoorgestelde te doen, om skatte in die hemel bymekaar te maak. Paulus gelas ons in 1 Timotheüs 6:17-19:

*Beveel die rykes in die teenswoordige wêreld om nie hoogmoedig te wees nie en ook nie hulle hoop te stel op die onsekerheid van die rykdom nie, maar op die lewende God wat ons alles ryklik verleen om te geniet; dat hulle goed moet doen en ryk wees in goeie werke, vrygewig, mededeelsaam en vir hulle 'n skat weglê, 'n goeie fondament vir die toekoms, sodat hulle die ewige lewe kan verwerf.*

Met ander woorde, in die woorde van die Verlosser: **Maak vir julle skatte bymekaar in die hemel.** - Matt. 6:20. Die Bybel waarsku ons oor en oor teen hierdie presiese probleem.

Die Here Homself in die brief aan die kerk in Laodicéa waarsku en leer ons teen die verdowende en louwarm gevolg om in materiële rykdom te vertrou eerder as om 'n lewenskragtige geloofsverhouding met Jesus Christus na te streef.

John MacArthur ; *Masterpiece*, May/June p.2.

\*\*\*\*\*

## *AAN DIE GEMEENTE VAN LAODICÉA*

Die Laodicéense tydperk van die kerk is waar ons vandag is. Die naam Laodicéa beteken "oordeel die volk" wat ooreenstem met die Sewendedag= adventiste se lering, sedert 1844, dat ons nou in die tydperk van oordeel is, met Christus wat die hemelse heiligdom reinig.

Hierdie woorde is van die **Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God**. Die Amen gee te kenne dat hierdie die finale kerk-era is wat ons reg na die tweede koms van Christus Jesus neem. Christus is die Skepper en deur die **getroue en waaragtige Getuie** te wees, is Hy die perfekte voorstelling van die karakter van God wat ons almal moet verlang om te bereik.

Jy sal sien dat hierdie kerk geen lofprysing ontvang nie, slegs berisping. Jesus sê hierdie kerk is nòg warm nòg koud, maar louwarm en sy dink sy is ryk en het aan niks gebrek nie. Hierdie "rykdom" is nie aardse rykdom nie, maar geestelike rykdom. Met ander woorde, hierdie kerk was met groot lig aangaande die Woord van God geseën. En wat het sy gedoen? Het hierdie kerk aangehou om vorentoe te gaan, die groot waarhede wat God haar gegee het geleef en hulle met die wêreld gedeel? Nee!!! Hierdie kerk het hierdie waarhede vir haarself gehou en kyk op die gevalle kerke neer vanuit haar "verhewe" posisie en dink sy sal gered word deur slegs die waarheid te "ken".

Hierdie kerk is erger as koud, om louwarm te wees, en in hierdie toestand is sy baie aanstootlik vir God. Nie omdat die lidmate erger dinge as enigiemand anders gedoen het nie, maar as gevolg van die wonderlike lig wat God hulle gegee het, die groot Bybelwaarhede vir ons tyd, wat hulle ywerig tot goeie werk moes maak, en om hierdie kosbare waarhede te leef en met die res van die wêreld te deel. Iemand wat warm is, is vanselfsprekend ywerig, inderdaad leef hulle die geloof wat hulle

verkondig. Iemand wat koud is, dui op iemand wat 'n gebrek aan geloof het en onwaardig voel om 'n volgeling van Christus genoem te word. Hulle weet hulle is swak en wil geloof hê en dit is hoekom Christus gesê het Hy sou eerder die kerk koud as louwarm wou sien. Die rede hoekom louwarm so sleg is, is omdat die lidmate TEVREDE is met hulle toestand en wat hulle doen. Hulle voel nie die behoefte om vorentoe te gaan nie, hulle is tevrede met HULSELF. Hulle sit agteroor en dink dat hulle "kennis" hulle sal red. Dit is vir Christus so walglik dat Hy enigeen wat so is uit Sy mond spoeg en hulle sal verseker vir ewig verlore wees!!

Hierdie kerk glo sy het alles, maar besef nie dat sy **ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie**. Dit sal korrek wees om hierdie mense te bestempel as **mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het**. - 2 Tim. 3:5.

"Daarom, sê die Waaragtige Getuie: **Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word**. Dit is liefde en geloof wat saamwerk, hand aan hand om hulle ryk in goeie werke te maak en ryk teenoor God. Hulle word aangeraai om wit klere te koop; dit is om 'n kled van geregtigheid aan te trek, of om hulle karakters volkome aan die wet van God te laat voldoen. Hulle word ook aangeraai om hulle oë met oogsalf te salf, sodat hulle kan sien. Hierdie oogsalf is die salwing van Bo, die salwing van die Heilige Gees wat ons die ware onderskeiding in geestelike dinge gee. God se volk, gedurende hierdie tyd, sal deur God bestraf en getugtig word totdat hulle ywerig word en berou het." - *Uriah Smith Biblical Institute*, pp.250-252.

Hierdie boodskap aan Laodicéa is nie 'n boodskap van hooploosheid soos jy sal sien dat Christus hierdie kerk vir hulle louwarm toestand bestraf nie en Hy bevestig dat Hy diegene wat Hy bestraf, liefhet en staan voor die deur wagtende vir hulle om Hom binne te nooi. Hy pleit by hulle om berou te hê oor hierdie toestand, sodat hulle Sy genade kan verkry en in Sy

geregtigheid geklee kan word. So alhoewel hierdie kerk in 'n verskriklike toestand is, solank as die mense op hierdie waarskuwing en bestrawwing AG SLAAN, dan kan die louwarmheid reggestel word. Maar as hierdie waarskuwing nie ag op geslaan word nie en stappe nie gedoen word om hierdie verskriklike toestand reg te stel nie, dan sal Christus hulle "uitspoeg" en hulle sal in die poel van vuur gegooi word, verewig verlore.

"Julle wat op verlossing hoop, vlug vinnig, vlug, sê ek, vir julle lewens! Julle het nie 'n enkele oomblik oor nie. Totale vernietiging wag op elke siel wat in hierdie Laodicéense toestand gevind word." - *Review and Herald*, vol. 1, November 1850. "The Laodician Church", p. 8.

Vriend, as jy op die oomblik in die Laodicéense toestand is. As jy steeds vir hierdie wêreld leef en nie in jou geloof in gehoorsaamheid aan Christus vorentoe gaan nie. As jy glo dat jy genoeg "weet" en nie meer nodig het om te studeer nie. As jy dink dat jou blote "kennis" van die waarheid jou sal red, dan VERSOEK ek jou om van hierdie toestand te VLUG, omdat dit sal veroorsaak dat jy deur jou Verlosser verwerp sal word. Slaan asseblief ag op hierdie oproep, omdat die tyd min word!!!

**Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op My troon.**

\*\*\*\*\*

## ***DIE GEMEENTE VAN LAODICÉA: DIE GELIEFDE STAAN VOOR DIE DEUR*** – dr. Gavin Finley

### ***Die boodskap aan die gemeente van Laodicea***

Dit wil voorkom of slegs die helfte van die verhaal van die gemeente van Laodicea vertel is. Ons het die slegte nuus gehoor en in die tyd wat voorlê, sal hierdie gemeente uitgespoeg word. Maar is daar enigiets

anders vir ons om omtrent hierdie boodskap van Jesus te ontdek? Is dit moontlik dat daar enige buitengewone goeie nuus van Laodicéa mag wees?

Die gemeente van Laodicéa is die laaste van die genoemde sewe gemeentes. Terwyl sy waarskynlik deur baie eeue bestaan het, glo baie dat hierdie gemeente tot spesiale prominensie op die verhoog van heilige geskiedenis sal tree. Miskien sal die uitspoeg van die gemeente van Laodicéa in die eindtyd gebeur.

Een ding wat ons van die Laodicéense gemeente se ervaring kan sê, is dat dit nie vervelig sal wees nie. Die gemeente van Laodicéa gaan klaarblyklik een of ander dramatiese avontuurervaring binne. Daar is baie kruisverwysing Skrifgedeeltes wat aandui dat die uitspoeg van hierdie gemeente 'n parallele profesie met ander is. Daniël profeteer die eindtyd verstrooiing van die volk van God. Hierdie finale hoogtepunt van die verstrooiing is herhaaldelik deur die profete genoem (vgl. Dan. 12:7-9; Pred. 3:5; 1 Kon. 22:17; Jes.5 en Eseg. 34). Selfs Moses praat hiervan in die *Lied van Moses*.

Wat gebeur met die gemeente van Laodicéa nadat sy uitgespoeg is? Ons kan veronderstel dat daar baie min louwarmheid hierna sal wees. God se verbondsvolk sal òf warm vir Hom draai òf hulle sal Hom koud in afvalligheid verlaat. Hierdie sal tye van hoë drama wees, want wanneer die herders geslaan was en die skape verstrooi is, neem die Here dit op Homself om Sy kudde se herder te wees. As die Goeie Herder sal Hy persoonlik Sy hele volk weer bymekaarmaak. Hy sal hulle onder die nasies soek. En Hy sal hulle vind, selfs op 'n donker en bewolkte dag (Eseg. 34).

Wanneer ons na hierdie ietwat angswekkende onderwerp kyk, is daar hier iets wonderliks weggesteek? Ten spyte van die verwerping lyk dit of daar iets anders gebeur, omdat ons opmerk dat die gemeente van Laodicéa in werklikheid hoog in God se guns eindig. Die uitgespoegde gemeente van

Laodicéa word op die ou einde 'n baie diepsinniger seën as enige van die ander gemeentes aangebied. Aan die gemeente van Laodicéa word 'n adellike uitnodiging gerig om saam met Jesus te sit, om saam met Hom maaltyd te hou en 'n verbond met Hom te sluit. En wat nog? Het ons reg gehoor? Het Jesus nie gesê dat Hy die gemeente van Laodicéa sou uitnooi om met Hom te sit en met Hom op Sy troon te regeer nie? Dit is voorwaar 'n merkwaardige en glorieryke bestemming. Hierdie seën is egter aan 'n gemeente aangebied wat uitgespoeg sou word. Wat is hier aan die gang?

Wel, dit lyk asof Jesus nie uitgenooi is om in die gemeente van Laodicéa in te kom nie. Wanneer ons Hom sien, is Hy buite en besig om aan die deur te klop. Hy was blykbaar vir 'n geruime tyd buite. Miskien het hulle aangeneem dat Hy binne met hulle was soos hulle met al hulle louwarm godsdienstige aktiwiteite besig was. Klaarblyklik het die gemeente dit nie hulle prioriteit gemaak om Hom binne te nooi nie.

Die getuienis van die Heilige Skrifte in hierdie verband is duidelik en ondubbelsinnig. God se begeerte is vir 'n intieme verhouding met Sy volk. Maar selfs hulle wat God ken, kan van Hom wegdryf. Al te dikwels word die verhouding met verloop van tyd louwarm. Wat het gebeur?

Ons kry ons leidrade van die poëtiese beeldspraak van die Sulamitiese vrou in *Hooglied*. Ons sien haar waar sy op haar ontspanningsbed rus. Die vrou het haarself gemaklik gemaak. Sy is rustig in haar mensgemaakte struktuur. Die Sielsbeminde is nie by haar nie. Sy het na hom gesoek, maar hom nie gevind nie (3:2).

Die beeldspraak van *Hooglied* en die van die gemeente van Laodicéa is baie dieselfde. In albei gevalle is die Geliefde buitekant die deur. In *Hooglied* sien ons ook dat dit lente is. Die wingerdstokke bloei en die geluid van die duiwe word in die land gehoor. Die afwesige Herder-minnaar is besig om

Sy toekomstige bruid die hof te maak. Hy roep Sy geliefde om uit te kom (5:2), maar sy is teënsinnig om dit te doen (5:3).

Dit is moeilik om met iemand intiem te wees wanneer daar 'n deur tussen-in is. Die voorbestemde vrou is gemaklik. Sal sy uit haar gemaklike en gerieflike bed opstaan en die klop beantwoord? Deur dit te doen sal haar persoonlike gemak vir 'n tyd geaffekteer word. Sal sy die deur vir haar Geliefde oopmaak? In die Laodicéense gesigshoek sien ons dit is Jesus wat buite die deur staan. Hy klop saggies. Sal God se volk reageer? Sal hulle Hom nooi om in te kom?

In *Hooglied* het die voorbestemde vrou [die geroepene] twee drome. Een van haar twee drome is 'n nagmerrie. Sy gaan deur toe en vind dat haar geliefde weg is. Sy gaan soek hom in die stad. Die wagte van die stad het haar leed aangedoen. Hulle het haar mantel afgeneem (5:7). Sy word dan bekendgestel vir wie sy werklik is. Hierdie storie en die poëtiese beeldspraak is absoluut propvol profetiese betekenis.

As ons deel van die gemeente van Laodicéa sou uitmaak, dan kan ons hierdie persoonlike toepassing maak. Voor die uitspoeg ervaring was ons gemaklik en selfbehep in ons kamers. Maar toe het Jesus na ons toe gekom. Hy was buitekant die strukture waarmee ons onself omring het en klop aan die deure van ons harte. Is ons werklik te gemaklik om op te staan en vir Hom die deur oop te maak? Dit was die ervaring van die vrou in *Die Hooglied van Salomo*. Maar toe gaan sy haar beproewing binne.

Deur dit alles kom ons tot hierdie wonderlike ontdekking. Selfs te midde van ons beproewings en toetsings word ons na 'n maaltyd van brood en wyn uitgenooi. Ons Verlosser vra ons om die deur vir Hom oop te maak en Hom binne te nooi. Hy bied ons die geleentheid om by Hom te sit. Sy begeerte is dat ons in intieme kameraadskap saam met Hom moet maaltyd hou.

Hoe wonderlik is dit? Hier is ons, ons verskans onself in ons kamers teen 'n koue, donker wêreld van swaarkry en moeilikheid. Maar nou klop Iemand aan ons deur en smee ons om die deur oop te maak en Hom binne te nooi. En wonder van wonders word die geleentheid ons aangebied om met die belangrikste Persoon in die kosmos sielsgemeenskap te hê!

Presies wat bied ons Verlosser ons aan? Dit is niks anders as 'n aanbod tot verlowing, 'n ewige verbond deur Sy bloed gewaarborg nie. Wat gaan ons doen?

Indien ons vertrou in hierdie wêreld is en ons ons eie gemak wil vertroetel en koester, sal ons waarskynlik nie op die klop aan die deur reageer nie. In so 'n scenario sal ons op ons beddens van gemak bly lê. Ons dink dat ons wêreldse handelswyse ons teen 'n wêreld van groeiende verdrukking en beproewing kan bewaar. Die beproewing wat ons nou begin teëkom, verwar ons omdat hulle vir ons geen betekenis het nie. Daar word vir ons gesê dat dit slegs die Jode se probleme is en dat die verdrukking ons nie aangaan nie. Maar die geroesemoes van stemme buite word al harder.

Ons word deur dit alles verwar en van stryk gebring. En as 'n toenemende vyandige wêreld ons begin bedreig, kom hierdie verontrustende gedagtes in ons gemoed. Ons gevestigde Kerk was ons toevlug. Maar sy is deur haar verbintenisse en geheime samewerking met die prinse van hierdie wêreld gekompromitteer. Kan ons voortgaan om in die teenswoordige kerkstrukture te vertrou om ons te beskerm?

Weer hoor ons die klop aan die deur. Is dit 'n vriend of 'n vyand? Is Hy die Geliefde wat ons ken? Ons hoef Hom nie in te nooi nie. En Hy sal nie inbreek nie. Maar Hy bring met Hom 'n wonderlike belofte saam. As ons op Hom en Sy voorstel reageer, sal ons situasie vir ewig verander. Die beproewing en swaarkry van hierdie wêreld sal nie verdwyn nie. Hulle



moet voortgaan tot die Messias kom om hierdie wêreld, wat buite beheer tol, oor te neem. Maar ons beproewings sal nie langer vir ons swaar wees nie, omdat hulle 'n nuwe betekenis en doel sal aanneem.

So daar op die tafel voor ons is die bruidsbeker. En daar langsaan is die aanbod tot 'n verlowing. As ons die beker neem en dit drink en ons teken die ooreenkoms tot 'n verlowing aan die Bruidegom verander alles. Op daardie oomblik van toewyding vlieg die niksbeduidende en alledaagse "doelgerigte lewe" wat ons vir onself geskep het by die venster uit, omdat ons so pas 'n blye en onverwagte ooreenkoms gesluit het om hierdie lewensveranderende ontdekking moontlik te maak. Ons hoogste blydschap en ons geluk is in Hom te vinde!

Dit is die Goddelike romanse en in heilige intimiteit gaan ons 'n heerlikheid en 'n gelukkigheid binne wat baie groter is as enigiets wat ons vantevore geken het.

So, is hierdie profesie waarin die gemeente van Laodicéa uitgespoeg is slegs 'n slegte aanklag en niks anders nie? Is hierdie eindtyd drama waarby die louwarm gemeente van Laodicéa betrokke is alles "negatief" soos wat aan ons vertel was? Of mag dit in werklikheid eindig om baie "positief" te wees? Natuurlik sal ons antwoord van ons afhang. En dit sal van ons houding teenoor die Goddelike kastyding afhang.

Laat ons na die Laodicéense se profesie as 'n breë oorsig kyk. In een toneel sien ons dat die gemeente uitgespoeg word, maar in die volgende toneel is daar 'n klop aan die deur en 'n oproep om 'n beminlike verbondenheid te sluit. Dit lyk of hierdie profetiese boodskap, deur Jesus gegee, verseker 'n waarskuwing is, maar ook binne hierdie profesie vind ons 'n wonderlike belofte gesetel. So, is daar een of ander buitengewone **goeie nuus** in hierdie boodskap aan die louwarm gemeente van Laodicéa?

## *Verkeerde insigting aangaande Laodicéa en die oproep om "op te staan" en gesag te neem*

Ongelukkig is hierdie toewydingselement tot die storie van Laodicéa deur baie Bybelstudente gemis. En nou het die gemeente van Laodicéa 'n speelbal vir eindtyd strydery geword. Daar is mense wat hulle eie verdraaiing aan hierdie gedeelte aangaande die gemeente van Laodicéa wil gee. Hulle begrip hiervan is dat die gemeente van Laodicéa die eindtyd kerk is. Hulle verstaan van hierdie hele saak is dat ons "militant" moet wees en "opstaan en aksie neem" uit vrees dat ons "Laodicénsies en louwarm" sal wees.

Dit is blykbaar die boodskap wat deesdae na die Kerk uitgaan, maar is dit korrek? Is hierdie gedeelte in Openbaring slegs 'n oproep en 'n verskoning vir Christene om aksie vir 'n verdienstelike saak te neem?

In die afgelope tyd sien ons 'n klomp skerp retoriek wat van 'n bevreesde gevestigde Westerse kerk kom. Hulle hou die kompromie wat in Israel aan die gang is en die verloop van gebeure in die Midde-Ooste dop. In hulle diepste wese weet hulle dat die eindtyd drama elke jaar naderkom. Daar is inderdaad egte tekens van ware herlewing, dit is waar. En miskien sien ons 'n ware gees van Elia en 'n oproep tot berou om reguit paaie vir die Here te maak. Maar binne hierdie militante beweging is 'n verwerping van die ware boodskap.

## *Die brief aan Laodicéa, ons boodskap van Jesus, en die oproep tot 'n bloedverbond verhouding*

So, wat sê Jesus vir ons in die brief aan Laodicéa? Hy vra Sy verbondsvolk om met Hom aan tafel te sit. Hy vra ons om 'n intieme kameraadskap met Hom te hê. Hy het hierdie hele eindtyd situasie onder beheer. Al wat Hy vra, is dat ons van ons selfgesentreerde weë en ons oorlewingskommer sal wegdraai, ons swaarde en gewere wegsit, ons kruis

opneem en Hom volg. God roep Sy verbondsvolk om 'n bloedverbond verhouding met Hom te sluit.

Daar is 'n paar bruidsvoorbereidings betrokke soos ons tot 'n verlowing met Hom kom en die beker drink wat Hy aanbied. Hy vra dat ons ons rykdom in hierdie wêreld likwieder en goud wat in vuur gelouter is, moet koop. Hy doen 'n beroep op ons om ons vuil klere, wat deur die weë van die wêreld besoedel is, uit te trek en skoon, wit klere van Sy geregtigheid aan te trek. Hy vra ons om oogsalf te koop, sodat ons duidelik kan sien wat rondom ons aangaan. Ons word geroep om ons getuienis in waarheid en genade aan te bied. In Lukas 21 sê Jesus dat ons ons getuienis aangaande Hom voor konings en regeerders moet lewer.

Natuurlik is ons in die kerk in die hede geneig om 'n bietjie onbetroubaar soos Jakob te wees voordat Hy deur sy beproewinge gelouter is om Israel te word. Ons worstel met God hieroor. Ons weet dat die wêreld God se Woord aan die einde van hierdie tyd vyandiggesind sal wees. So ons weier om dit te doen! Hierdie eindtyd getuienis is noodsaaklik en dit is uiters belangrik. Maar ons glo Jesus nie wanneer Hy sê:

**En kyk, Ek is met julle al die dae  
Tot aan die voleinding van die wêreld.**

Ja, dit is hartseer om te sê, maar die Westerse kerk is 'n *weghollende bruid*. Sy weier om verantwoordelikheid vir die getuienis in die eindtyd te neem. Soos die losbandige, sedelose *Gomer* luister sy nie. Sy het haar eie weg gegaan.



Die vrou van wysheid roep uit in die strate (Spreuke 1), maar net 'n paar luister. Dit is hoekom daar 'n gees van verwarring, vrees en ontsteltenis onder die Christene vandag heers. In plaas van berou en nader aan Christus in 'n bloedverbond toewyding te kom, hardloop ons weg van ons verbondsverantwoordelikhede in Christus, ons Verlosser. Ons laat toe dat ons in leerstellige dwaalleer aangaande die eindtyd weggelei word. As ons om ons na die godsdienstige landskap kyk, kan ons definitief wydverspreide Bybelse en godsdienstige onverskilligheid sien.

Weer eens dwaal die Westerse kerke weg van die ware Bruidegom. Die gemeente van Laodicéa is steeds dieselfde jonkvrou in angs en benoudheid wat sy in Middeleeuse tye was. Sy laat toe dat sy verbouereerd en gemanipuleer word. En sy gedra haar steeds soos die weggedwaalde Gomer. Die moderne kerk het in baie areas die spoor van haar ware

Eggenoot verloor. Dit is geen wonder dat die Christen kerk in die Weste min respek afdwing nie. Is dit verbasend dat sy haar kinders aan seks, dwelms en ruk-en-rol verloor? En is dit geen wonder dat die kerk, wat ons sien 'n belangrike rol speel, op die ou end uitgespoeg sal word?

Gomer het haar eerste liefde verlaat. Sy het weggegaan om nuwe en opwindende minnaars te soek. Sy word die hof gemaak deur politiegodsdiensrige ridders in skitterende mondering. Hulle laat hul stemme oor die seine van die populêre Christendom hoor. Baie verklaar dat die Kerk die wêreld kan oorneem en die Koninkryk nou tot stand bring. Hulle bring godsdiensrige vlees in beweging. 'n "Laaste kruistog" word van die kansels af verkondig. Maar is dit die gepaste Christelike reaksie op ons louwarmheid en op Jesus se boodskap aan die gemeente van Laodicea?

### *Die goeie nuus omtrent die kerk van Laodicea*

Die slegte nuus omtrent Laodicea is dat sy louwarm is. Die goeie nuus egter (en dit is reg daar in dieselfde Skrifgedeelte), is dat hierdie situasie nie sal voortduur nie. Jesus gaan nie toelaat dat hierdie toestand van dodelike louwarmheid en middelmatigheid ongestraf bly nie. Hoekom? Omdat Hy ons liefhet! Hy wil hê ons moet kom en saam met Hom maaltyd hou!

Liewe gelowiges, wêreldse prinse kan ons nie red nie! Hulle word stekelrigger en stekelrigger soos die geskiedenis voortgaan. Ons vergiet meer en meer onskuldige bloed elke jaar met elke oorlog. Presies hoe ver is ons bereid om met al hierdie woede van die nasies te gaan? Moet ons al die pad na die Vallei van Megiddo gaan en teen Jerusalem kamp opslaan soos die kruistogte 900 jaar gelede gedoen het? Of sal daar 'n stadium kom waar ons gewete sal sê:

**Ons het genoeg van hierdie bebloede swaard,  
Kom ons keer terug na die Pelgrimsweg, die Weg van die kruis.**

Deur dit alles hoef ons nie te vrees nie. Ons het 'n ewigdurende verbond met God, die Almagtige, gesluit. Ons is geroepe om ons getuienis in liefde aan te bied. Die terugkerende Christus, ons Messias, sal met ons vyande afreken. Ons moet vir ons vyande bid, nie doodmaak nie, want ons is nie hulle wat in ewige gevaar is nie. Hulle is diegene wat in die moeilikheid is!

Die ewigheid is voor ons almal uitgesprei. Dit sal òf 'n ewigheid in die teenwoordigheid van God wees òf vir ewig verlore. Omdat die Messias na hierdie aarde terugkeer, sal Hy in wraak terugkeer en Sy wraak op Sy vyande uitgiet, maar vir Sy volk sal Hy as 'n Bevryder kom.

Liewe gelowiges, Jesus is ons Verlosser en ons Bevryder. As Sy getuies en as Sy geliefde heiliges is ons bestem om 'n baie belangrike rol as getuies in die finale bedrywe van die drama van die eeue te speel. Die Oue van dae sal oor dit alles die voorsitterstoel inneem, net soos die profeet Daniël gesien het (Dan. 7). Johannes het dieselfde hemelse hoftoneel gesien en God wat die voorsitterstoel oor die gebeure in Openbaring inneem.

So wat gebeur in hierdie verhaal van die gemeente van Laodicéa? Wat as die gelowiges inderdaad uitgespoeg en verstrooi word? Wat dan? Is alles verlore?

### *Die verstrooiing van die heilige volk (Dan. 12) en moeilikhede en beproewinge lei tot 'n gelukkige einde*

Verstrooide mense voel oor die algemeen vervreem en alleen. Maar een ding kan ons verseker sê: As hulle God se verbondsvolk is, dan is alles nie verlore nie. Hulle sal tot Hom uitroep en hulle sal hulle harte ondersoek. Hulle sal na die basiese terugkeer. Hulle sal oplaas aan bloedverbond kwessies begin aandag gee.

Sal God antwoord?

Sal Hy Sy verbondsvolk herversamel en herstel?  
O, ja!

Die ervaring om uitgespoeg te wees is 'n verskriklike ding. Josef het hierdie ervaring gehad, selfs deur die toedoen van sy broers. So sal dit met die eindtyd gelowiges wees. Josef was in ballingskap weggevoer. Hy het in Egipte beland. Maar was daar nie 'n gelukkige einde aan daardie storie nie?

Natuurlik was Josef vir sy broers kwaad. Maar dink hieroor na: Selfs in hulle sewe jaar van hongersnood en beproewing het hy nie sy broers na God teruggebring nie? Het hierdie hele ervaring nie veroorsaak dat hulle aan verbondsake aandag gegee het nie? En het Josef nie sy broers gevoed nie? En wat van die wêreld? Het Josef nie die wêreld met die brood van die lewe gevoed nie?

So, was Josef se uitspoeg en sy gevolglike ballingskap alles sleg? Het dit nie geeëndig deur 'n seën vir sy familie te wees nie? En het Josef se verwerping nie tot die verlossing van baie dwarsdeur die wêreld gelei nie?

Daar is baie om bemoedig te wees omtrent hierdie brief aan die gelowiges in Laodicéa. Wanneer beproewings en verdrukings kom, sal baie begin te kere gaan. Sommige sal God in woede verwerp en weggaan in die groot afval of afvalligheid waarvan Paulus gepraat het (2 Thess. 2:3). Maar hier is die goeie nuus in dit alles. Daar is altyd 'n gelowige oorblyfsel wat uit hierdie beproewinge te voorskyn kom. Wanneer hierdie gelowiges tot God uitroep en Sy aangesig soek, luister Hy. God weet alles omtrent Sy verstrooide skape en die kwellinge en swaarkry waarin hulle hulself bevind. En die Goeie Herder weet waar Sy verlore skape aan die einde van tyd is en waar om hulle te vind. Hy sal verseker Sy verstrooide skape versamel, selfs op 'n donker en bewolkte dag (vgl. Eseg. 34:12).

Laodicéa is nie slegs 'n verhaal omtrent 'n gemeente in Klein-Asië wat 1900 jaar gelede bestaan het nie. Dit is ook nie uitsluitlik 'n eindtyd storie nie. Louwarmheid teenoor God het dwarsdeur die kerkgeskiedenis gebeur. Oorvloedige seëninge kan, en het dikwels, tot louwarmheid en onverskilligheid tot God gelei. Die gevolglike verlies van nasionale soewereiniteit en daaropvolgende ballingskap is 'n patroon wat herhaaldelik in eertydse, heilige geskiedenis gesien was. Die siklus was in die verlede in Ou Testamentiese tye gesien. Sowel die noordelike as die suidelike koninkryke van Israel het hulle God vergeet en het gekompromitteer geword. Hulle het geëindig deur al wenende as gevangenes in ballingskap weggevoer te word.

God is 'n God wat nie met Hom laat spot nie. In Sy barmhartigheid sal Hy nie verdorwenheid onder Sy volk ongestraf laat bly nie. Hy weet dat dit hulle in totale geestelike vernietiging sou lei. En so in Sy barmhartigheid gryp Hy in. Hy laat toe dat vyande teen Sy volk as oordeel in opstand kom. Hy laat toe dat dit gebeur, omdat Hy nie 'n troeteloempie is nie. Hy het Sy volk lief en het 'n glorieryke bestemming wat op hulle wag. Hy het hulle tot 'n hoë roeping geroep en tot baie beter dinge as wat hulle kan bedink.

God is nie die enigste een wat ons paadjie vir ons kies nie. Ons bepaal die koers van ons lewens in 'n sekere mate. Ons doen dit wanneer ons ons keuses in die lewe maak. As dit met ons gebeur dat ons die ruwe paaie kies, dan is daar gevolge aan verbonde. So, is God vir ons teëspoed te blameer? Moet ons uiterlik kwaad word en te kere gaan of innerlik kwaad en neerslagtig, net omdat ons slegte verbonde gesluit het? Het ons nie hierdie beproewinge oor onself gebring nie?

Kyk na Gomer en haar minnaars. Hulle het haar seergemaak, maar hoekom was sy weg van haar familie en in noue aanraking met die heidene. Kyk na ons literatuur en die populêre kultuur wat ons in boeke en in fliëks en films vandag sien. Hoekom het die mense van die Christendom so 'n verdorwe



liefde vir hoerery, vir afskuwelike dinge en geweld? Hoekom is daar al die bewondering vir verleidster vrouens en vir woeste mans? Is dit die totale verhaal van God se volk deur die eeue? En as dit is, wat gebeur volgende? Is dit waar ons romanse begin en eindig?

Indien hierdie snert die einde van die storie is, wat anders kan ons sê as: Here, help ons!

Gelukkig is die antwoord NEE. Daar is 'n baie beter einde as die verswelging deur en wegsinking van ons westerse, Christelike beskawing in 'n see van seks en geweld. In die boek *Hoséa* sien ons die profetiese storie in 'n baie wonderliker wyse ontvou. Hoséa neem 'n vrou van losse sedes, Gomer, wat 'n hoer was. Hierdie prostituut word Hosea se vrou. Hierdie verhouding sou 'n les met 'n bedoeling of oogmerk word en 'n profesie vir die verbondsvolk van God in hulle geskiedenis. Wanneer Hoséa hierdie drama dramatiseer of uitbeeld, het dit 'n toepassing vir die Huis van Israel. Die noordelike koninkryk van Israel het van die koninkryk van Israel en van Juda afgestig en gevolglik in 'n diep afgodediens verval. Tweehonderd jaar later verloor die noordelike Koninkryk sy soewereiniteit en was as gevangenes deur die Assiriërs weggevoer. Dit was die tien verlore stamme van Israel.

Was dit die einde van die storie? Glad nie! Die profetiese verhaal van Gomer en Hoséa sou weer in skerp fokus in die tye vorentoe kom. Dit sal weer spesiale toepassing vir ons in die eindtyd drama hê.

Hier is die profetiese verhaal: Gomer het Hoséa verlaat en met haar wêreldse minnaars weggeloop. Op 'n soortgelyke wyse het die volk van God van die God van Israel afgewyk. Gomer het haar ware eggenoot verlaat. Sy het die eiesinnige en verkeerde pad geneem en 'n weggeloopte bruid geword. Gomer het met haar minnaars weggeloop. Uiteindelik het sy in moeilike tye beland. Sy was bestem om die tuin van God te wees. Maar

deur haar ware eggenoot te verlaat, het Gomer, en afvallige Israel, uiteindelik by 'n punt gekom waar hulle deur dorings omring was. Gomer se eggenoot, Hoséa, het haar in 'n slawe mark gevind. Hy het haar vir vyftien stukke silwer losgekoop. Hierdie profesie gaan dan verder en bring ons die "res van die verhaal" van afvallige Israel.

Was Gomer se eggenoot te blameer, omdat sy in beproewing en verdrukking beland het? Was dit sy fout dat sy geslaan en misbruik was? Hy was vir haar 'n getroue eggenoot, maar sy het hom verlaat. Was Hoséa vir Gomer se tyd van verdrukking en benoudheid verantwoordelik? Gomer was die een wat hierdie kompromitterende flankerders begin het (vgl. Hoséa 2). Gomer was die een wat haar bondgenootskap met vreemdelinge gesluit het. En ons weet dat die Gomer-kerk dit weer aan die einde van tyd sal doen (vgl. Dan. 9:27). Jesus self het gesê dat dit sal gebeur (vgl. Joh. 5:43).

Die Kerk, soos Gomer, sal in verdrukking en benoudheid eindig. Dit weet ons. Moses het hieromtrent in sy finale toespraak in die *Lied van Moses* geprofeteer. Maar alles is nie verlore nie. Soos die storie ontvou, kom 'n wonderlike, blye en onverwagte ding te voorskyn. Dit is reg daar in haar gevangenskap en haar barensnood en haar benoudheid dat die vrou van Israel begin om haar Verloofde te onthou. Terselfdertyd begin haar geheueverlies herstel en sy onthou wie sy is.

Wat gaan hier aan? In haar eie-ek verering en haar eiewysheid en eiegeregtigheid het sy haar van die verbond losgemaak. En nou kom ons by die laaste dae en selfs in 'n donker dag van verstrooiing en te midde van haar verdrukking en benoudheid sal die waarheid van die saak tot haar deurdring. Iets wonderliks sal gebeur. Dit sal 'n "Eureka, nou verstaan ek", wees. Dit sal 'n verrassing, 'n Goddelike openbaring wees. Gomer, afvallige Israel, selfs die gemeente van Laodicéa sal die Ewige Verbond onthou!

'n Heroïse dag sal een of ander tyd kom. Die Westerse kerk, as 'n oorblyfsel, sal verstaan wat die apostel Paulus ons in Efesiërs 2:11-13 vertel: *Hou dan in gedagte wat julle vroeër was. Van geboorte was julle heidene en julle is "onbesnedenes" genoem deur dié wat hulleself "die besnedenes noem", al is die besnydenis net mensewerk aan die liggaam. In dié tyd was julle sonder Christus, uitgesluit uit die burgerskap van Israel, ver van God af sonder deel aan die verbonde en die beloftes wat daarmee saamhang, sonder hoop en sonder God in die wêreld. Maar nou is julle een met Christus Jesus. Julle wat vroeër ver van God gelewe het, het nou naby gekom deur die bloed van Christus. Die gemeente van Laodicéa sal skielik besef dat deur die versoeningsbloed van Israel se belofde Offerlam sy nou in die burgerskap en die statebond van Israel gekom het.*

Maar daar is meer. Die gemeente van Laodicéa sal haarself tussen daardie wilde olyftakke sien wat in die olyfboom van Israel terug ingeënt is. Die tyd van verdrukking sal dit alles laat gebeur. En soos die olywe na die olyfpers gaan, sal die Kerk by haar Getsémane - die olyfpers - kom. Die fynmaking van die vlees-lewe is nie 'n smartlike ding vir diegene wat hulself aan God toegewy het nie, omdat hulle weet dat hulle deur dit alles bewaar sal word en in 'n heerlikheid te voorskyn sal kom wat hulle nooit vantevore ervaar of gesien het nie. En soos die ware en egte dubbele salwing te voorskyn kom, sal die godvresende eer van priesters en konings oor die verbondsvolk van God kom in 'n glorieryke, eindtyd uitstorting van die Heilige Gees, wat Joël in 'n grootse eindtyd herlewing, wat onbeskryflik is, gesien het.

Op daardie oomblik sal God se verbondsvolk van daardie wêreldse minnaars wegstap. Sy sal haar prinse en die beskerming van die swaard verlaat en die kruis omhels. Die stekelrige prinse sal hulself openbaar as die paddas wat hulle werklik is. Die wêreldse vaandeltraers in wie sy vertrou het, sal as ontrou aan haar getoon word. Hulle sal haar almal

verlaat. Nou, buite in die wildernis, sien ons die geroepe of voorbestemde vrou weer as die Sulammitiese (vgl. Hooglied 6:13). In die vallei van verdrukking en benoudheid "onthou" sy die verbond met die God van Israel. En soos die verlore seun na die vader terugkeer, onthou sy die gelukkige dae van die verlede en hunker om na haar familie terug te keer. Sy onthou die verbond wat sy eens met die God van Abraham, Isak en Jakob gehad het. Uiteindelik, in 'n Goddelike ommekeer, vind sy die ware liefde waarvoor sy altyd op die uitkyk was. Sy herontdek haar Geliefde, haar Ewige Liefde.

So sien ons in hierdie profesie van die gemeente van Laodicéa die ontvouing van die pragtige verhaal van die eindtyd. Die gemeente van Israel het die moeilikhede van "Jakob se benoudheid" binnegegaan. Maar alles is nie verlore nie. Jakob, "die bedrieër", wat nou met God worstel in verdrukking en benoudheid se eiesinnigheid is nou verbreek. Hy het berou en sy karakter verander in die transformasie en so ook sy naaam. Hy kom te voorskyn as Israel, "Prins van God." Die voorbestemde of geroepe vrou, wat ons in Openbaring 12 sien, is ook verander. Sy kom te voorskyn geklee in die skitterende Lig van die Vader, 'n kroon van twaalf sterre op haar hoof en die maan se weerkaatste lig in die godsdiens is onder haar voete waar dit hoort. Die skille val van haar oë en haar gedeeltelike blindheid is herstel. En so is die hele Israel gered en herstel (vgl. Rom. 11).

Die verhaal van Gomer, selfs soos die gemeente van Laodicéa, het 'n gelukkige einde. Die Kerk reageer op 'n positiewe en verlossende wyse op die oordeel wat aan haar in Laodicéa gegee was en waar sy uitgespoeg was. Dit is 'n heroïese en pragtige ommekeer. Ja, sy gaan deur dit alles kom. En sy sal in heerlikheid aan die ander kant te voorskyn kom! Hier is die woorde van "Gomer se lied" deur die liedjieskrywer Brian Doerksen. Hierin sien ons Gomer se heroïese en pragtige, finale belydenis:

*Ek is hier om goud te koop, in die vuur gelouter;  
 Naak en arm, ellendig en blind kom ek.  
 Klee my in wit.  
 Sodat ek nie beskaamd sal wees nie.  
 Here, steek weer die vuur aan die brand.*

Die verhaal van Laodicéa is 'n verhaal van ware herstel. Dit is 'n geestelike werk wat diep in die harte van die hele verbondsvolk van God gaan gebeur. In Openbaring sien ons al twaalf die stamme van Israel in die oorblyfselkerk van God verteenwoordig. Hulle word voortgelei deur die oorwinnaars van die laaste dae, die benoudheid heiliges. Hulle is baie duidelik 'n uitverkore volk. Hulle is deur 'n liefdevolle Verlosser herversamel en herstel. Hulle is deur hulle Messias, wat hulle Bevryder is, gered.

God was altyd die Een wat 'n grondige werk in Sy volk doen. Hy doen Sy geheimsinnige en wonderlike werk in die tuin van hulle harte. Die vyeboom sal bot en sy soetheid en goeie vrugte voortbring. Die Prins van Vreugde sal kom om Sy tuin te versorg en na Sy wêreld om te regeer. Sy eerste voorkeur was altyd om by die altaar van die harte van Sy volk diens te doen en om toesig te hou oor die vriendelike verbonde van liefde in die troonkamer in die harte van Sy volk. Dit gebeur selfs nou in die Nuwe Verbond. Die profeet Jeremia het hiervan gepraat (vgl. Jer. 31:31). Hierdie grondige, persoonlike werk van die evangelie is die enigste ware basis vir ware en betekenisvolle vrede op aarde en standhoudende welwillendheid onder mense. Sover as wat dit hierdie wêreld aangaan, kan slegs die Prins van Vrede regverdig, stabiele heerskappy op die aarde bring en die lank verwagte 'Vrede van Jerusalem' verseker. Dit is waarvoor ons meer en meer in hierdie dae bid.

In die konteks van die hewige verwerpingservaring van die gemeente van Laodicéa wat vind ons? Wonder van wonders, ons geliefde "Vyand" is voor

die deur! Hy het gekom om ons te sien. Die Een wat so pas die geskiedenis en ons vyande toegelaat het om ons te verstrooi is nou ons Goddelike Besoeker! Ons mag êrens in 'n gedemoraliseerde toestand weggekruip het. Ons mag op 'n ander kontinent ver van ons huis wees. Maar daar is Hy! Hy versoek ons om die deur oop te maak en Hom te laat binnekom. Hy wil inkom en saam met ons maaltyd hou!

Geliefde gelowiges, ons dien 'n God wat Sy verbondsvolk liefhet. Hy neem die inisiatief om Sy gemeente na Hom terug te bearbei. Sy begeerte, Sy passie is na ons toe. Hy wil hê dat ons Hom moet binne nooi, sodat ons met Hom in beminlike verbondenheid kan eet en drink. Dit is volkome verstaanbaar. Hy moes ons eenvoudig op een of ander stadium uit die huidige wêreldsisteam "uit roep", selfs te midde van 'n groot verdrukking. Dit is heeltemal verstaanbaar dat ons in sulke tye aan Sy verbondsake sal aandag skenk.

Die Kerk is geroepe om die Bruid van Christus te wees. Sy is definiteif hierby betrokke. As 'n bruid-om-te-wees is sy onmisbaar betrokke in hierdie eindtyd verbondsake. Sy kan nie buite en in die duister soos 'n gekoopte houvrou gelaat word nie. Die Kerk is die geliefde Bruid van die Lam, ten volle aan haar Bruidegom verbonde. Die gelowiges is lewensbelangrik betrokke in die bloedverbond sake van die familie van Abraham, Isak en Jakob! Ons is Sy getuies! Ons mede-onderteken die Nuwe Verbond met Hom! Ons handtekening verskyn reg onder Syne! Ja, vir ons, is dit die ware kern van die saak. Dit is veel diepsinniger as al die sogenaamde "kern van die saak" dinge van wêreldse en kerklike kontrakte.

*Die betekenis en die verantwoordelikhede in die Nuwe Verbond en die oproep om die bepalinge van die verbond in getuienis in ere te hou*

Mense wat verbonde of kontrakte met ander mede-onderteken, weet wat dit beteken. Hulle verstaan dat op hulle nommer gedruk mag word om by die een te staan met wie hulle mede-onderteken het. Dit is hoe dit is met die Nuwe Verbond wat ons met die Messias gesluit het. Erens in die toekoms mag op ons nommer gedruk word om die toewyding na te kom wat ons gemaak het. Dit is 'n ernstige saak. Ons moet die nadele oorweeg, omdat dit ons lewe kan kos. Dit is die aard van ons verlossingsverbond. Dit is nie slegs 'n "skenking" nie. Ook is dit nie 'n kooptransaksie vir 'n eiendom in die hemel nie en niks anders as wat ons gelei was om te glo nie.

Ons apostel Paulus vermaan ons om **julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verlore mense te lewe**. - Fil. 2:12. Dit is nie 'n evangelie van werke nie, omdat hierdie werk nie ons eie is nie. In die daaropvolgende Skrifgedeelte voeg Paulus by: **Want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om Sy wil uit te voer**.

'n Bloedverbond is 'n twee party ooreenkoms. As ons in Christus is, het ons 'n verlowing aangegaan. Ons is gebonde om 'n huwelik te sluit. Ons is deeglik bewus dat 'n huwelik 'n twee party verbintenis is en dit is "totdat die dood ons skei."

Watter soort Christene is ons in die Christendom? Beteken genade 'n zero verantwoordelikheid vir ons as Christen-gelowiges? Dit is wat ons huidige louwarm Laodicéa-styl kerk leer. Maar hierdie louwarm sop wat aan ons verkoop was, is ons Verlosser onwaardig. Ons huidige louwarm Laodicéense godsdiens is onvoldoende.

Johannes het die heiliges as 'n enkele groep uitverkorenes uit die groot verdrukking sien kom, 'n glorieryke groep uit elke nasie, stam, taal en volk. Al die heiliges sal in 'n intieme verbintenis met hulle Verlosser in die eindtyd drama wees. Johannes het die verbondsvolk van God in hulle finale deurgang in die heerlikheid in gesien. Sy is die vrou wat deur die

draak bedreig was wat Johannes in Openbaring 12 gesien het. Sy is die voorbestemde of geroepe vrou. Sy sal die sterbesaaide kroon dra.

Koning Salomo het ook 'n glimps van hierdie hoogtepunt in dié drama gekry. In *Hooglied* het hy die verhaal van die Sulammitiese vertel, terwyl sy uiteindelik met haar *Geliefde* herenig sal word. Hierdie element van hierdie heroïse toneelstuk sal aan die einde van tyd uitgebeeld word. Korporatief sal daar 'n kritieke, bepalende oomblik vir die volk van God wees soos hierdie tydperk tot sy bestemde klimaks kom. Die gelowiges sal hulle finale keuse maak. En hulle sal blye en onverwagte dinge ontdek wat wonderliker is as wat hulle hul kon voorstel.

Hier is die afloop van die saak soos daardie liefdesdrama van die eeue tot sy pragtige slottoneel kom. Sy vind uiteindelik haar lank verlore liefde.



### 'n Familielid


*Wie is dit wat daar opkom uit die woestyn,  
Wat leun op haar beminde? (8:5)*

*Die Sulammit aan haar Geliefde*

*Dra my soos 'n seëlring op u hart,  
Soos 'n seëlring op u arm;  
Want liefde is sterk soos die dood,  
Die liefdesywer is hard soos die  
doderyk,  
Sy gloed is 'n gloed van vuur,  
'n vlam van die Here.*

*Groot waters kan die liefde nie  
uitblus en riviere dit nie oorstroom  
nie; al gee 'n man ook al die goed van  
sy huis vir die liefde, hulle sou hom  
diep verag (8:6,7).*





Vandag in ons kerke neem ons die Nagmaalbeker. Die simboliek is identies aan die Hebreeuse trouplegtigheid. Ons gedenk ons Here Jesus. En ons staan verbaas oor Sy versoeningsoffer vir ons. Ons dank Hom vir Sy geskenk. Sy wonderlike verlossing. Maar is daar meer in die Nagmaalbeker as wat ons vertel word?

**Toe neem Hy die beker en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit. Want dit is My bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes. - Matt. 26:27-28.**

Ons Here Jesus klop aan die deur van ons hart. Sy verbond is ontsagwekkender as wat iemand sou kon beskryf. En nou plaas Hy "die beker" van Sy verbond voor ons. Hoe sal ons reageer?

\*\*\*\*\*

## *LAODICÉA EN KORPORATIEWE BEROU*

Ellen White se kommentaar is: "Die boodskap aan Laodicéa moet met krag verkondig word, omdat dit nou spesiaal van toepassing is.... Om nie ons eie mismaakte karakter te sien nie, is om nie die skoonheid van Christus se

karakter te sien nie. Wanneer ons ten volle van ons eie sondigheid bewus is, sal ons Christus waardeur..... Om nie die duidelike kontras tussen Christus en onself te sien nie, is om onself nie te ken nie. Hy wat homself nie verag nie, kan nie die betekenis van verlossing verstaan nie..... Daar is baie wat hulself nie in die lig van God se wet sien nie. Hulle verafsku nie selfsugtigheid nie, daarom is hulle selfsugtig." - *Review and Herald*, 25 Sept. 1900.

### *Voortreflikheid in lewenstyl*

Daar is 'n vlak van voortreflikheid wat God verwag van die mense wat Sy wederkoms aankondig. Maar indien Sy volk, in die gehalte van hulle lewe en verhoudings met mense, bykans ononderskeibaar is van die breë gemeenskap, hoe kan hulle met krag getuig van die groot dinge wat God gedoen het? Christelike voortreflikheid sal nooit bereik word solank ons op ons eie sukses en ons onderhouding van die wet konsentreer en ons behoefte ignoreer om Christus die sentrum van alles te maak nie. Goddelike lewenstyle is 'n gevolg - nie die uiteindelijke mikpunt nie.

"Die laaste geslag, die geslag wat van Christus se wederkoms getuig, sal 'n besondere geslag wees. As gevolg van die ongehoorde beproewinge waardeur die kerk gegaan het, sal sy "onberispelik" te voorskyn kom (Openb. 14:5). Sy sal die karakter van Christus volmaak weerspieël." - E. White: *Christ's Object Lessons*, p. 69. Sy sal op God se karakter van liefde fokus: "Die laaste ligstrale van barmhartigheid, die laaste boodskap van barmhartigheid wat aan die wêreld gegee moet word, is 'n openbaring van God se liefdevolle karakter. Die kinders van God moet Sy heerlikheid [karakter] openbaar. In hulle eie lewe en karakter moet hulle openbaar wat die genade van God vir hulle gedoen het." - E. White: *Christ's Object Lessons*, pp. 415,6. **Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het.** - Joh. 13:35.

Hoe openbaar ons God se karakter van liefde? Deur dieselfde liefdevolle besorgdheid vir andere te openbaar wat God aan ons geopenbaar het; deur niks uit selfsugtige ambisie te doen nie en, in nederigheid, andere beter as onself te beskou (Fil. 2:3); deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem (vers 7); deur rein, vredeliewend; bedagsaam, onderdanig, barmhartig, onpartydig en opreg te wees (Jak. 3:17); deur na die armes en behoeftiges om te sien (Jak. 1:27); deur ons in die swaarkry te verheug (Rom. 5:3); deur ons vyande iets te ete te gee (Rom.12:20). Hoe ons onregverdigheid, hartseer, moeilikheid en kwelling in die gesig staar, sal ons van diegene, wat min of geen geloof in God het nie, onderskei. Dit lyk of ons ver is van die belewenis wat God van ons verwag.

"Geloof en liefde is die ware rykdomme, die suiwer goud wat die Waaragtige Getuie die louwarme raad gee om te koop. Hoe ryk ons ook al aan aardse skatte mag wees, sal al ons rykdom ons nie in staat stel om die kosbare geneesmiddels te koop wat die siekte van die siel, wat louwarmheid genoem word, te genees nie. Intellek en aardse skatte was magteloos om die gebreke van die kerk van Laodicéa te verwyder of om hulle jammerlike toestand te genees. Hulle was blind en nogtans het hulle gevoel dat hulle welaf was. Die Gees van God het nie hulle verstand verlig nie en hulle het nie hul sondigheid bemerk nie." - E. White: *Testimonies*, vol. 4, p. 88.

### *Wat die boodskap is*

Die Skrif beskryf goud konsekwent as die kosbaarste middel. Maar dit beskryf ook een middel as selfs van groter belangrikheid - die bloed van Christus. **Julle weet tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer of goud losgekoop is uit julle oorgeërfde sinlose bestaan nie. Inteendeel, julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is.** - 1 Pet. 1:18,19. Die boodskap aan Laodicéa is 'n oproep vir die verheerliking en verheffing van

die kosbaarste middel in die heelal, die vergote bloed van God self. Dit beteken dat Jesus Christus, Sy lewe, Sy dood en Sy wederkoms ons passievolle omhelsing en toewyding vereis. Daarom sê God "koop" die goud. Die enigste iets wat ons moet verruil, is ons eie misrabele self, ons selfsugtige harte.

"Maar wat gee ons prys wanneer ons alles gee? 'n Sonde-besoedelde hart, vir Jesus om te reinig, deur Sy eie bloed te suiwer en deur Sy onvergelyklike liefde te red. En nogtans vind mense dit moeilik om alles prys te gee! Ek voel verleë om dit te hoor en verleë om dit te skryf." - E. White: *Steps to Christ*, p. 46. Jesus het gesê: **En as Ek van die aarde af verhoog is, sal Ek almal na My toe trek.** - Joh. 12:32. Die boodskap van Laodicéa vereis dat ons Christus eerste stel in alles wat ons doen.

Ellen White, soos ons gesien het, vergelyk goud met geloof en liefde. En dit bly waar solank as die fokus van ons geloof en liefde Jesus Christus is.

Die wit klere verteenwoordig die geregtigheid van Christus wat die gelowige toegereken word. Die Skrif praat van die ontvangs van 'n **bruilofskleed** (Matt. 22:1-4) en om **met Christus bekleed** te wees (Gal. 3:27). Adam en Eva het probeer om hulle naaktheid te bedek, maar dit het 'n daad van God vereis om hulle waarlik toe te maak (Gen. 3:21). Ons mag al die goeie werke doen wat ons moontlik kan, maar dit verg steeds 'n Goddelike daad om ons met die enigste daad wat tel te krediteer - die daad van Christus se gehoorsaamheid (Rom. 5:19).

Die derde bestanddeel in die hemelse voorskrif vir louwarmheid is oogsalf. Vandag sit ons oogdruppels in ons oë om duidelik en helder te kan sien. So gee die Here die Heilige Gees om ons van sonde te oortuig en ons in die volle waarheid te lei (Joh. 16:8-11). Soos ons ons harte vir die Heilige Gees, wie se primêre taak dit is om ons van Jesus te vertel en Hom heerlikheid te gee (vers 14), oopstel, help die Heilige Gees ons om eerlik

en opreg omtrent ons ware toestand te wees. Sodoende word ons gelei om na die ware geneesmiddel te soek - die geregtigheid van Christus.

Ellen White som in een pragtige paragraaf die kern van die boodskap aan Laodicéa op. "Die boodskap aan Laodicéa het weerklink. Neem hierdie boodskap in al sy fases en basuin dit uit na die mense waar ook al die Voorsienigheid die weg oopmaak. Regverdigmaking deur geloof en die geregtigheid van Christus is die onderwerpe wat aan 'n verloregeande wêreld verkondig moet word." - E. White: *Letter 24, 1892*.

Ellen White bemoedig ons om hoop in die boodskap aan Laodicéa te sien: "Maar die raad van die Waaragtige Getuie verteenwoordig nie diegene wat louwarm soos in 'n ongeneeslike geval is nie. Daar is nogtans 'n kans om hulle toestand reg te stel en die boodskap van Laodicéa is vol bemoediging, want die afvallige kerk mag nogtans die goud van geloof en liefde koop, mag nogtans die wit kleed van die geregtigheid van Christus hê, sodat die skande van hulle naaktheid nie hoef te blyk nie. Reinheid van hart, suiwerheid van motief, mag steeds diegene kenmerk wat halfhartig is en wat daarna streef om God en Mammon te dien. Hulle mag nogtans die kleed van hulle karakter was en dit wit in die bloed van die Lam maak." - E. White: *Review and Herald, Aug. 28, 1894*.

### *Wat het ons met Jesus gedoen?*

Let daarop dat die saak nie ons sukses in die wen van siele, finansies te laat klop of die bou van nuwe inrigtings aangaan nie. Die saak sentreer eerder rondom wat ons met Jesus Christus gedoen het. Ek weet dat ek 'n groter maat van Sy genade in my lewe nodig het. Ek het dit nodig om meer tyd met Hom te spandeer, meer tyd om Sy goedheid, Sy geregtigheid en Sy liefde te oordink. Ek verlang daarna om te sien dat ons meer tyd aan gebed, om te vas en aan Bybelstudie afstaan, met die klem om Jesus beter te leer ken. Ons het die laat reën nodig, die uitstorting van die Heilige

*Gees.* Maar wanneer ons om die Heilige Gees bid, is dit nodig dat ons seker maak dat ons nie slegs vir die oorwinning oor sonde of groter sukses in evangelisasie bid nie, maar dat ons bid vir die Heilige Gees om die kruis meer te kan verhoog, om Jesus Christus beter te kan verkondig en om beter van Hom te kan getuig.

Wanneer Jesus waarlik eerste in ons lewens is soos in ons houdings, ons skuldbelydenis, ons meedeling van Sy liefde en die prioriteit in ons byeenkomste gesien kan word; wanneer mense die liefde sien wat ons vir mekaar het; wanneer ons oor ons sondes berou toon; wanneer ons verlang om die karakter van Jesus meer volkome te weerspieël; wanneer ons eerder sal sterf as om Jesus in die skande te steek; dan sal God reageer deur Sy Gees in so 'n krag uit te stort dat ons evangelisasie alle perke sal oorskry. Mense sal kennis neem dat ons met Jesus was en hulle sal ook met Hom wil wees.

### *Verhoog Jesus*

Oorwinning oor sonde, volmaaktheid van karakter, verandering in lewenstyl en krag om te getuig kom slegs soos die sondaar Christus aan die kruis as die enigste volmaakte offer aanskou. Die aanwending van Sy offer in die hemelse heiligdom tot ons vandag is in verhouding tot die klem wat ons plaas op wat Christus tweeduisend jaar gelede vir ons gedoen het. Wat Christus vir ons gedoen het en wat Hy in ons doen, vorm 'n onverbreekbare eenheid. Alhoewel, die sukses van Christus se werking in ons berus altyd op ons fokus op en beklemtoning van wat Hy vir ons gedoen het. Die weg na volmaaktheid van karakter is deur die kruis.

*Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God. - 1 Kor. 1:18. Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus en wel oor Hom as die gekruisigde. - 1 Kor. 2:2.*

*Maar wat my betref, mag God verhoed dat ek ooit oor iets anders roem as oor die kruis van ons Here Jesus Christus, want deur die kruis is die wêreld vir my dood ek vir die wêreld. - Gal. 6:14. Julle weet tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer of goud losgekoop is uit julle oorgeërfde sinlose bestaan nie. Inteendeel, julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is. - 1 Pet. 1:18,19.*

Lig die kruis hoër, sodat baie dit kan aanskou en leef. Christus het vir die wêreld gesterf en Sy opdrag is: **Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.** - Markus 16:15. Die Here sou ons nie so 'n opdrag gegee het sonder om bronne tot ons beskikking te stel wat vir die werk voldoende is nie.

Dikwels word leerstellige onderwerpe met geen spesiale resultaat aangebied, want mense verwag ander moet hulle leerstellings aan hulle opdring. Wanneer daar egter by die onvergelykbare liefde van Christus stilgestaan word, maak Sy genade 'n indruk op die hart. Daar is baie wat ernstig na lig soek, wat nie weet wat hulle moet doen om gered te word nie. O, vertel hulle van die liefde van God, van die offer wat Hy aan die kruis gemaak het om die verlore nes te red! Vertel hulle om hulle wil aan die kant van God se wil te plaas en **as iemand gewillig is om die wil van God te doen, sal hy weet of hierdie leer van God af kom.** - Joh. 7:17,

As ons nie versigtig is nie, kan die oproep tot volmaaktheid van karakter ons van die geregtigheid van Christus weglei. Ellen White definieer volmaaktheid van karakter as die spontane uitbeelding van God se liefde. "Liefde is die basis van godvresendheid. Wat ook al die belydenis, geen mens het rein liefde tot God, tensy hy onselfsugtige liefde vir sy medemens het nie. Maar ons kan nooit in besit van hierdie gees kom deur te probeer om ander lief te hê nie. Wat ons nodig het, is die liefde van Christus in die hart. Wanneer die eie-ek in Christus opgeneem word,

ontspring die liefde spontaan. Die volmaaktheid van Christus se karakter is bereik wanneer die impuls om andere te help en te seën konstant uit die innerlike vloei. Wanneer die sonskyn van die hemel die hart vul en in die gelaatsuitdrukking geopenbaar word." - Ellen White: *Christ's Object Lessons*, p. 384. Openbaar ons God se karakter van liefde? Is dit wat ons met volmaaktheid van karakter bedoel?

Die oproep tot berou aan die kerk van Laodicéa is om die geregtigheid van Christus prominent te maak, om dit ons beklemtoning te maak. Dit is die enigste weg om te volg as ons al die ander seëninge wat God belowe het wil hê. Ellen White het oor en oor die belangrikheid beklemtoon om die kruis sentraal in ons lewens, ons verkondiging van die Woord, in komitees en in programme te maak. Die kruis is die ENIGSTE manier hoe ons die wêreld kan oortuig. "Christus verklaar: **As Ek van die aarde af verhoog is, sal Ek almal na My toe trek** (Joh. 12:32). As die kruis nie 'n invloed in sy guns vind nie, skep hy 'n invloed, van geslag tot geslag is die waarheid vir hierdie tyd as huidige waarheid geopenbaar. Christus aan die kruis was die middel waardeur barmhartigheid en waarheid mekaar ontmoet en geregtigheid en vrede mekaar kus. Dit is die middele wat die wêreld moet verander, in beweging moet bring." - Ellen White: *Comments*, vol. 6, p. 1113.

Ek doen 'n beroep op my medegelowiges: Sal julle luister na die Goddelike weskroep: **Laat dit dan vir julle erns wees en bekeer julle** (Openb. 3:19)? Indien ons ons bekeer, dan beloof Christus **sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou**. - J. David Newman (D. Min) : Redakteur van *Ministry Magazine*.

\*\*\*\*\*



## *LAODICÉA: 'N KERK HERSTEL EN OORWINNEND!*

Johannes die Doper, volgens Jesus, was om alles te herstel. Dit is ook die werk van God se laaste-dae Elia. In die Grieks van die evangelie skrywers beteken 'herstel' "om terug te bring na 'n vorige toestand van gesondheid." Dieselfde Griekse woord (apokathistemi) word ook in 'n gedeelte gevind wat Christus se genesing van 'n man se verdorde hand beskryf. In gehoorsaamheid aan Christus se bevel het die geteisterde man sy hand uitgesteek, **en dit is herstel, gesond soos die ander een.** - Mattheüs 12:13.

Die geestelike implikasie van die woord "herstel", met verwysing na Johannes se bediening, is dat God toesig gehou het oor 'n herstelling en vernuwing van Israel se verbreekte en versteurde verbondsverhoudings met Hom. 'n Genesing van hulle diep geestelike wonde deur Satan toegedien. Hierdie genesing het 'n herstelling van die volk se verstaan en waardering van suiwer Bybel-waarhede betrek. Johannes se verstaan van die essensie van God se verbond met Israel het hom gelei om Jesus as die Lam van God, wat die sondes van die wêreld wegneem, te verkondig. Sy sentrale doel was om mense se aandag op hierdie Lam te vestig en hulle aan te moedig om met Hom verenig te word. Dit was die direkte kanaal na herstel vir almal wat die boodskap aanvaar het. Johannes se werk was om die mense van sy tyd te help om Jesus as die Verlosser te aanvaar. Die enigste Een wat hulle siele kon vernuwe.

Johannes se sending openbaar die noodsaaklike werk van God se laaste - dae Elia-beweging. Jesus kom. Hy wil dat ons vir daardie gebeurtenis reg wees. Sonder die regte soort voorbereiding wat ons siele vernuwe, deur ons deelagtigmaking aan die waarheid in al sy innerlike krag en waarde, sal

Christus se wederkoms as die dag van ons verdoemenis weerklink eerder as verlossing.

Slegs 'n herstelde lewe kan effektief 'n boodskap van vernuwing verkondig. Tensy die waarheid, wat ons probeer verkondig, ons eie lewens vasgryp, transformeer en besiel, sal dit klink soos 'n onwaarheid vir hulle wat ons hoor. Soos 'n gelykenis in die mond van 'n dwaas, sal die boodskap van huidige waarheid vermink en verdraai uitkom, tensy dit ons lewens getransformeer het. Kontrasteer Spreuke 26:7,9 met Lukas 3:4,5. Die Here se wens vir ons is om lewende briewe te word - beliggamings van Sy Woord en voorbeelde van Sy karakter. Slegs so kan ons herbouers wees van paaie om in te wandel.

Maar in Openbaring openbaar Christus dat die einste mense wat aangestel is om hierdie sending uit te voer onrusbarend ongeschik is daarvoor. Hy praat met die Kerk in die sluitingseeu, die een waarin die Elia-boodskap met woorde van spesiale waarskuwing, berisping, raadgewing en wekroep voltrek moet word. Hy spreek ook woorde van bemoediging aan hulle wat op Hom ag gee (kyk Christus se brief aan Laodicéa, Openb. 3:14-22).

Ons gaan 'n kort oorsig van daardie brief in sy praktiese strekkings gee. Ons sal in die besonder fokus op die ryk evangeliese inhoud van die boodskap aan Laodicéa. Na alles, wat ook al Christus aan Sy volk sê, handel altyd oor die evangelie in een of meer van sy aspekte. Ten minste is dit waar terwyl die deur van hoop oop is, soos dit in Laodicéa was. In verband met hierdie oorsig, sal ons sien hoe Christus se boodskap aan Laodicéa beplan is om ons voor te berei om oorwinnaars te wees, ten volle vir ons sending as God se laaste-dae getuies toegerus.

Kom ons lees Sy boodskap aan Laodicéa:

*En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dit sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God: Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug. Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie. Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien. Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou. Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het. Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. - Openb. 3:14-22.*

Christus, die groot Geneesheer, en die ware Getuie aan Laodicéa, diagnoseer Sy kerk se toestand onfeilbaar. Hy sien Sy belydende volk in die dieptes van selfvoldane afvalligheid wat geheel en al noodlottig sal wees, behalwe vir die wonderbare genesing wat Hy bied.

Sommige kerklidmate vermy bespreking van die Laodicéa-boodskap, omdat hulle voel dat dit 'n boodskap van veroordeling is wat min, indien enige, hoop bied. Hulle gevoelens mag gebaseer wees op die manier waarop die boodskap soms verduidelik word. Maar dit sal 'n ernstige fout wees om van die boodskap weg te skram, want dit is uit die hart van God aan Sy laaste-dae Kerk gestuur. Die waarskuwing vir die laaste Kerk moet aan almal, wat aanspraak maak om Christene te wees, verkondig word. Die Laodicéa - boodskap, soos 'n skerp, tweesnydende swaard, moet na al die

kerke gaan. Hoe belangrik dan dat ons die ware belangrikheid van hierdie boodskap begryp en die verlossende Gees herken waarin dit gestuur was. Die boodskap is 'n chirurgiese instrument, nie 'n slagmes nie. Dit is bedoel om ons almal tot nederige, hartondersoekende gebed te bring, eerder as tot bose minagting vir die Kerk. Christus se boodskap aan Laodicéa is nie "Verlaat die Kerk" nie, maar "Laat staan luiheid en selfgeregtigheid; maak jou **roeping** en **uitverkiesing** in My seker."

Ons sal 'n beter waardering van die hele boodskap hê as ons die betekenis van die woord **Laodicéa** van nader beskou. Laodicéa beteken 'n **Kerk onder oordeel**. Dit vestig die aandag op die tyd van die boodskap. Baie studente van Bybelprofesie weet uit Daniël 8:13,14; 9:24-27 dat God se oordeel in 1844 begin het. So die einste naam van hierdie kerk wys na die tydperk wat dit verteenwoordig. Die sewende en laaste fase van kerkgeskiedenis, die Laodicéa-periode, het in 1844 begin en strek tot aan die einde van tyd.

Die tyd van oordeel mag ontstellend klink. Dit mag lyk of dit skielik vrae en twyfel omtrent 'n mens se sekerheid in Christus laat ontstaan. Maar Christus wys duidelik dat baie deur hulle geestelike lewens gaan met 'n vaste sekerheid waarvoor hulle geen waarborg het nie (Matt. 7:21-23; 24:36-51). Hy het van hierdie vals sekerheid in verskeie gelykenisse (bv. Matt. 22:1-13; Matt. 25:1-46) gepraat. Jesus wil verseker hê dat ons sekerheid moet hê, maar sekerheid van die regte soort, op die soliede waarhede van Sy evangelie gebaseer wat, wanneer ten volle aanvaar, 'n lewenstransformerende verbintenis met Hom sal teweegbring. God se oordeel is nie beplan om ons van sekerheid in Christus en Sy verlossing te beroof nie.

Terselfdertyd, egter, behoort die realiteit van God se oordeel en die aankondiging wat nou aan die gang is ons definitief van Laodicéa se selfversekerdheid los te skud dat ons geestelik in top vorm is, terwyl ons

in werklikheid ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is. Hoe dwaas om sekerheid onder sulke omstandighede soos hierdie te handhaaf en te bevorder! Evangelie sekerheid is nie ekwivalent aan hoogmoedige selftevreedenheid wat deur niks versteur kan word nie. Eerder, die "volkome sekerheid" van geloof sal na hulle kom wie se harte aan Christus oorgegee is en van sonde gereinig is (kyk Heb. 6:11,12; 10:22).

Paulus het baie sekerheid van die gedagte van God se oordeel ontvang. Hy het dit so uitgedruk: *God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer, omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het, en Hy het hiervan aan almal sekerheid gegee deur Hom uit die dode op te wek.* - Hand. 17:30,31.

God se tyd van oordeel is een waarin elke belydende volgeling van Christus òf veroordeel òf geregverdig sal word, afhangende van elke individu se reaksie op die evangelie. Dit is waar dat ons in Christus geregverdig word op die einste oomblik wat ons Hom as Verlosser aanvaar (Rom. 3:24-28). Christus se oordeel dien om te demonstreer of ons in Sy genade voortgegaan het, en die evangelie as die heersende mag in ons lewens verwelkom het, of eenvoudig probeer het om die evangelie as 'n verskoning uit te buit om in selfsugtigheid en sonde te leef, terwyl ons die eer opeis om wedergebore kinders van God te wees. Paulus maak dit duidelik in sy brief aan die verwarde gelowiges in Galasië: **Maar as ons wat streef om in Christus geregverdig te word, self ook sondaars bevind is, is Christus dan 'n dienaar van die sonde? Nee, stellig nie!** - Galasiërs 2:17. **Let dan op die goedertierenheid en die gestrengheid van God: gestrengheid oor die wat geval het, maar goedertierenheid oor jou as jy in die goedertierenheid bly; anders sal jy ook afgekap word.** - Rom. 11:22.

God se oordeel openbaar die resultate van Sy verlossende werk in die lewe van elke belydende Christen. Hulle wat in Hom bly, Sy lewe en waarheid assimileer, word in die oordeel as gesuiwer, gereinig en veredel deur die evangelie, deelgenote aan die Goddelike natuur getoon. Hulle verhaal van geestelike verfraaiing dien om die evangelie te verdedig, te bewys dat dit die krag besit om sondaars volledig in Christus heel te maak. Diegene wat in die oordeel veroordeel word, gaan hierdie lot tegemoet, omdat, terwyl hulle Christus se Naam blymoedig aangeneem het, hulle die karakter=transformerende werk van Sy genade in hulle lewens verwerp het. Hulle is nie deelgenote van die Goddelike natuur nie, wat hulle maklik sou wees, as hulle werklik die troonsbestyging van Christus in hulle harte verwelkom het.

God kondig Sy oordeel aan, nie om ons hoop te ontmoedig of ons in wanhoop te dompel nie, maar om ons vir ons ware toestand en behoefte wakker te maak, sodat ons Hom ons genoegsaamheid kan maak. **Maar as ons geoordeel word, word ons deur Hom getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie.** - 1 Kor. 11:32. Ek wil veel eerder nou van my sondes en tekortkomings vertel word, terwyl hulle deur Christus se krag kan genees word, as na dit te laat is en ek hooploos verlore is. Wil jy nie ook nie? **Want ons het deelgenote van Christus geword, as ons net die begin van ons vertrouwe tot die einde toe onwrikbaar vashou; omdat daar gesê word: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie soos in die verbittering nie.** - Heb. 3:14,15.

Gesien in die lig dat dit 'n geleentheid is om van ons roeping en uitverkieping seker te maak, kom die oordeel te voorskyn, ten minste vir die verlostes, as 'n verlowingsproses eerder as 'n spanning in hulle verhoudings met God, of 'n oorsaak van vervreemding van Hom. Die oordeel is nie 'n egskeidingsprosedure nie, maar 'n troue vir hulle wat met

Christus in hart en verstand verenig. Dit is 'n bekragtiging en volle vertoning van Christus se doeltreffende werk in die lewens van die verlostes.

'n Mens kan die oordeel beskou as 'n streng kontroleproses of as 'n tyd van vriendelike onthulling waarin die plan van verlossing ten volle bekragtig en geregverdig word deur 'n detail ondersoek van sy wonderlike resultate in die lewens van almal wat Jesus ten volle aangeneem het. Verder spreek die Here Sy getroue volk vry van al die vals klagtes wat deur Satan en sy aardse handlangers teen hulle ingebring is. In die geskiedenis van die Christendom is God se volk dikwels van kettery en misdade beskuldig waarvan hulle heeltmaal onskuldig is - hulle enigste "skuld" is getrouheid aan onpopulêre waarheid. Vir diesulkes is die oordeel 'n tyd van glorieryke regverdiging. **Want die Here sal sy volk nie verwerp en sal sy erfdeel nie verlaat nie; want die regspraak sal terugkeer tot geregtigheid, en al die opregtes van hart sal dit volg.** - Psalm 94:14,15.

As ons lewens besoedel is in 'n nie-oorwinnende lewe, dan sal die oordeelsboodskap ons die skrik op die lyf jaag eerder as bemoedig. Christus se raad aan Laodicéa, egter, is 'n reddingstou wat verleng is om ons uit die moeras van neerlaag en wanhoop te trek en ons veilig op die pad na oorwinning in Hom te plaas.

Sy voorstelling van Homself aan Laodicéa is gegee om vertrouwe in Jesus te inspireer. Hy is die "Amen", die Een wie se raad duidelik en betroubaar is, wie se gesag onbetwisbaar is en wie se doelstellings stabiel is. Hy leer ons om uit te styg bo die gees van waardelose modernisme wat probeer om alle waarheid "relatief" te maak en onderhewig aan konstante hersiening met die "vooruitgang" van die mens se denke. **Sy goedertierenheid is tot in ewigheid, en sy trou van geslag tot geslag.** - Ps. 100:5.

As die getroue en waaragtige Getuie, beklemtoon Jesus sy rol in die oordeel as die Een wat 'n perfekte kennis van ons lewens het en wat slegs die waarheid spreek wat niemand kan weerlê nie, selfs nie Satan nie.

In die begin van God se skepping verklaar Jesus Sy skepperskap (vgl. Openb. 3:14 met Openb. 14:7). Hierdie pertinente karakterisering loop die teorie van evolusie vooruit en gooi dit omver wat moderne denkwysse vir die afgelope ses geslagte gedomineer het. Dit beklemtoon ook Christus se vermoë, as Skepper, om enige nodige verandering in ons lewens te maak. Sy krag en gesag is oppermagtig. En Sy gewilligheid om daardie krag tot ons voordeel uit te oefen is onbeperk.

Maar Hy spreek tot 'n volk wat, terwyl hulle toegang tot alle waarheid en geestelike krag het, in die dieptes van geestelike armoede leef. Hoekom hierdie onnodige tekortkoming? Hier is 'n volk wat roem op hulle besit van geestelike kennis en voordele. Maar hulle het nie gereageer op die onverdiende seëninge wat God aan hulle geskenk het nie.

Omdat die meeste Laodicéense nie regtig die voordele van die evangelie toegeëien het nie en grootliks onbekend is met die Verlosser ontbreek hulle ywer en fokus. Hulle is nie in staat om 'n lig vir die wêreld te wees op 'n tyd wat die Here wil hê hulle moet die glans van Sy waarheid en liefde uitstraal nie. Hulle is slapende wagtters eerder as waaksame gidse. Ons is Laodicéa. Ellen White het geskryf, "die boodskap aan die kerk van Laodicéa openbaar ons toestand as 'n volk." - *Review and Herald*, 15 Desember 1904.

Ten spyte van Laodicéa se diepgewortelde selfgenoegsaamheid en bedwelmende selfgeregtigheid, kyk Jesus nie na ons saak as hopeloos nie. Omdat Laodicéa se toestand geneesbaar is, bied Hy raad aan. Dit kom in drie dele wat almal in een ervaring kombineer. Jesus skilder Homself as 'n



hemelse Handelaar wat van huis tot huis gaan om drie kosbare ware te verkoop:

1. **Goud wat deur vuur gelouter is.** In 1 Petrus 1:7 sien ons dat die goud wat deur vuur gelouter is, 'n aktiewe geloof verteenwoordig, geloof wat deur liefde werk (Gal. 5:6). Hierdie geloof reinig die hart wat onvoorwaardelik aan God oorgegee is en Sy aangebode geregtigheid verwelkom (kyk Handeling 15:9; Fil. 3:9). Jesus is die Leidsman en Voleinder van ons geloof. Ons geloof sal sterker en suiwerder groei soos ons dit in die louterende vuur van Sy Woord dompel en dit in die smeltkroes van die lewe se ervaring uitleef (Jer. 23:29; Jakobus 1:3; 2 Kor. 4:17,18).
2. **Wit klere.** Geestelike naaktheid is die resultaat van sonde. Die verlies van hulle kled van lig was Adam en Eva se eerste duidelike bewys dat hulle ongehoorsaamheid aan God 'n verandering in hulle lewens teweeggebring het. Onmiddellik het hulle vir hulle naaktheid probeer kompenseer deur rokke van vyeblare te maak. Hulle kon hulle fisiese naaktheid bedek, maar kon niks versin om die plek in te neem van die Goddelike geregtigheid wat hulle so onbesonne verbeur het nie.

Deur die evangelie bied Christus aan om ons geestelike naaktheid vir altyd te beëindig deur om ons die kosbare kled van Sy eie geregtigheid te hang. Hierdie geregtigheid is nie net 'n uiterlike bedekking nie, maar 'n inwewing van die hoedanighede van Christus se natuur in ons karakter. Deur genade word Goddelike geregtigheid integraal tot ons diepste wese. Sodoende is Christus se kled van fyn linne die **regverdige dade van die heiliges**. - Openb. 19:7,8. Nie geregtigheid wat die heiliges genereer, akkumuleer of menslik kultiveer nie, maar geregtigheid wat aan hulle as 'n Goddelike gawe toegeskryf en deelagtig gemaak is. Dit is die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in

**Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie.** - Rom. 3:22. Christus sal nie 'n geregtigheid aan ons toeskryf wat ons nie in ons lewens ontvang en geïnkorporeer het nie.

3. **Salf om jou oë te salf.** Simbolies verteenwoordig oogsalf die krag van helder onderskeiding wat slegs die Heilige Gees vir ons kan gee. God maak Sy Gees aan almal wat gewilliglik reageer op die aanbiedinge van Sy liefde deelagtig. Daardie gewillige reaksie kom tot uitdrukking in 'n begeerte om Jesus in 'n konstante dieper en ryker wyse te ken, lief te hê en te dien.

Jesus was met die Gees en met krag by Sy doop gesalf (Handelinge 10:38). Daardie selfde Gees salf ons met krag om so te leef en te dien soos Jesus gedoen het wanneer ons onself onderdanig stel aan die Gees se gesag soos Jesus gedoen het. Wanneer ons gesindheid sodanig is, dan sal Paulus se gebed vir die gelowiges in Efese ook in ons vervul word.

*....dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlijkheid, aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee, verligte oë van julle verstand, sodat julle kan weet wat die hoop van sy roeping en wat die rykdom van die heerlijkheid van sy erfdeel onder die heiliges is; en wat die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemel. - Efesiërs 1:17-20.*

So 'n gesalfde lewensvisie sal ons bewaar van geestelike strikke, stagnasie en traagheid. Afvallig word sal onmoontlik wees en lewensbelangrike vooruitgang verseker. Ons sal 'n diepe intimiteit met God geniet.

Skriflesing sal 'n persoonlike onderhoud met 'n lewende God wees, eerder as 'n blote studie van geëerde getuienis deur antieke skrywers.

Die **oogsalf**, die Woord van God, maak die gewete seer onder sy aanwending, want dit oortuig van sonde. Hierdie pyniging is nodig, sodat die genesing kan volg en die oog enkelvoudig op die heerlikheid van God kan wees.

Om gesalfde oë te hê is om die lewe vanuit God se perspektief te aanskou. Dit is om mense te sien soos Hy hulle sien, om die gebeure van die lewe soos Hy te interpreteer. Dit is om vir Hom die opperste eerbied te hê.

Hulle wat honger en dors na God se kameraadskap, wat verlang om Sy stem, wat deur Sy Woord praat, te hoor en verlang om Sy weerkaatsing in al Sy skeppings te sien is die mense wat hulle oë met oogsalf salf, sodat hulle kan sien. Hulle verwelkom die Gees se kameraadskap en werk in hulle lewens, want dit is Sy werk om Christus te openbaar en Sy Woord tot lewe in ons ervaring te bring (Joh. 14:15,16,26). Hulle gehoorsaam God blymoedig, nie om verlossing of guns te verdien nie, maar omdat hulle deur Golgota alreeds Sy guns gevind het en geniet dit nou om die dinge te doen wat Hom plesier. In die proses ontdek hulle dat om Sy wil te doen ook hulle eie hoogste plesier word.

Christus begeer dat ons hierdie ervaring moet hê. Hy arbei om 'n bewustheid van Sy begeerte vir ons en ons behoefte aan Hom wakker te maak. Dit is hoekom Hy verklaar, **Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou.** - Openb. 3:19. Hy sou ons nie uitnoui om berou te hê, tensy ons die vooruitsig gehad het om deur Sy genade verander te word nie. Soos met die kerk in Korinte, is dit ons voorreg om vuriglik berou te hê en, deur die geregtigheid van Christus, 'n posisie van ongekomplimiteerde guns met Hom te beklee (kyk 2 Kor. 7:8-12).

Die raad van die Waaragtige Getuie is vol bemoediging en troos. Die kerke mag die goud van waarheid, geloof en liefde verkry en ryk wees in hemelse skatte.

Maar hierdie kosbare skatte sal nie op ons sonder enige inspanning van ons kant neerdaal nie. Ons moet koop - ons moet vurig en berouvol omtrent ons louwarm toestand wees. Ons moet wakker word om ons verkeerdhede te sien, om vir ons sondes te soek en om dit van ons weg te werp. Ons kan dit slegs deur Christus, ons geregtigheid, tot stand bring. Dit is die verdienstelikheid van Christus wat ons moet verlos, Sy bloed wat ons moet reinig. As ons ons trots wegwerp en ons kleed in die bloed van die Lam was, dan sal Sy raad die volle, sielsverlossende effek in ons lewens hê. Ons sal dan toegerus wees om as ligte in die wêreld te skyn en die drie engele se boodskap in die volle krag van die Heilige Gees te verkondig. Maar tensy ons ag slaan op die raad van die Waaragtige Getuie aan Laodicéa, watter evangeliebodskap het ons dan om aan enige iemand te bring? Die van 'n Verlosser wat ons nie ken nie, wie se stem en klop ons hoor, maar nie beantwoord nie?

Jesus staan al kloppende voor die deur van ons hart, nie met donderende aandrang nie, maar met die sagte, soet stem van 'n liefdevolle versoek vir toegang in ons lewens in. Wanneer ons Hom binnelaat, voed Hy ons met die manna van waarheid, met die brood van Sy eie wese, daardeur maak dit ons deelnemers van die Goddelike natuur. Hy maak ons die bevrediging en bemagtiging van Sy heilige liefde deelagtig deur die Gees wat in ons woon en waak oor ons blymoedige, toegewyde harte. Dit is sielevoedsel voorwaar en vriendskap van Een wat hegter is as 'n broer.

Hy gee ons oorwinning deur die vry aangebode middele van Sy Woord, Sy Gees en Sy bloed (Openb. 12:11). En dan - wonder van bonatuurlike wonders - bied Hy ons 'n plek met Hom op Sy troon, die troon waarheen ons dikwels ons toevlug neem as 'n plek van skuiling en leiding, die troon

van barmhartigheid en oordeel waar ons berouvol verskyn, ons sondes bely, Sy genade soek om rein, Goddelike lewens te leef volgens Sy gebod en belofte (Matt. 5:24, 48; 1 Thess. 5:23,24; 1 Tim. 5:24).

Christus se boodskap aan Laodicéa, terwyl dit meedoënloos is in sy diagnose van ons sondes en so direk soos die boodskapope van Elia en Johannes die Doper aan God se belydende volk, is vol belofte en hoop aan Laodicense wat berouvol is en Sy drievoudige raad aan Sy Kerk aanvaar. Dit is ons voorreg om onwrikbare geloof, onverganklike geregtigheid en 'n onblusbare toekomsblik deur die krag van 'n inwonende Christus te hê. Mag ons onmiddellik hierdie gawes aan Laodicéa met berou, dankbaarheid en lofprysing aanvaar.

Brian Jones: *Prophets of Fire. The Elijah message for the end time*, pp. 137-147.

\*\*\*\*\*

## *LAODICÉA: DIE KERK WAT SAL*

Laodicéa! Maak die woord jou bang? Sommige mense swaai die boodskap aan hierdie kerk soos 'n strydbyl. Andere beskou dit as die beskrywing van 'n verlate volk wat hooploos in die louwarm modder van afvalligheid verval het. In die middel is diegene wat verward en deurmekaar is en aanvaar as die beste deel van dapperheid, moedswillige onverskilligheid aangaande die bestaan van hierdie boodskap.

Die beskrywing van die sewe kerke van Openbaring deur Uriah Smith in sy boek *Daniel and the Revelation* vorm 'n belangrike deel van Adventisme se begrip hiervan. Ons kerk het Smith se voorstel aanvaar dat hierdie kerke sewe tydperke binne die Christelike kerk verteenwoordig, wat strek vanaf apostoliese onverdorwenheid tot die eindtyd moeras van blindheid en die

louwarm toestand. Aan elke kerk was 'n spesiale boodskap vir haar bepaalde tyd gegee. Die lidmate van elke kerk was beveel om oorwinnaars te wees.

As die sewe kerke die tyd vanaf Johannes se dae tot Christus se wederkoms verteenwoordig, dan is elke Christen 'n deel van die kerk wat sy of haar tyd verteenwoordig. So ongeag van hulle geografiese ligging het die Christene wat gedurende die apostoliese tydperk geleef het aan die Efese kerk behoort. Net so is diegene wat gedurende die tyd van die einde lewe, deel van Laodicéa verteenwoordig vandag se Christendom in die algemeen en die Sewendedag Adventiste Kerk spesifiek.

Laodicéa, wat "n beoordeling van die mense," is die kerk wat die werk van God voltooi. Dit moet wees, want daar is nie 'n agtste kerk nie. Niemand moet 'n stigma voel om deel van Laodicéa te wees nie - dit is onmoontlik om nou enigiets anders te wees. Die moeilikheid wat ons in die gesig staar, lê nie daarin om Laodicénsies te wees nie, maar eerder om aan die siekte van Laodicéisme te ly.

Wat is Laodicéisme? Is dit om loutarm te wees? Sê dit, **Ek is ryk..... en het aan niks gebrek nie?** Of is dit 'n gebrek aan goud, oogsalf en wit klere? Ek het nuus vir jou: dit is geeneen van bogenoemde nie. Hierdie is simptome van Laodicéisme - baie ernstige simptome, maar hulle is nie die siekte nie.

Die essensie van Laodicéisme is dat die kerk nie nou die intieme verhouding met Christus het waarop Hy by haar aandring nie. As sy so 'n verhouding gehad het, hoekom die uitnodiging? Hierdie uitnodiging is alles insluitend. Niemand kan homself of haarself uitlaat nie. As jy daarop aanspraak maak om 'n Christen te wees, dan moet jy met Christus se aansporing worstel.

Die boodskap aan die sewende kerk is tweevoudig. Die primêre fokus openbaar wie vir die toestand van die kerk verantwoordelik is. Elke boodskap begin met die woorde **aan die engel**. Volgens Uriah Smith verteenwoordig hierdie engel die konferensie, die kerkraad, die leraars en ondergeskikte werkers. Histories het God begeer om Sy volk deur 'n "geroepe leraarsamp of evangeliebediening" te lei. "As the leadership goes, so goes the church."

Die sekondêre fokus, maar met gelyke verantwoordelikheid, is die kerklidmaat.

### *Behandel Laodicéïsme*

Sit die stukkies wat openbaar waaruit 'n Christelike belewenis bestaan bymekaar en hoe dit indringend volgehou kan word:

In Korinthiërs 3:16 staan: **En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid [karakter] van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld van heerlikheid [karakter] tot heerlikheid [karakter] as deur die Here wat Gees is.**

Verder lees ons in 1 Johannes 2:6: **Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het.**

Die volgende aanhaling is inspirerend: "Dit sal jou goed doen om dikwels die sluitingstonele in die lewe van ons Verlosser te hersien. Hier, deur versoekings omring soos Hy was, kan ons lesse leer wat vir ons van die grootste belangrikheid kan wees. Dit sal goed wees om elke dag 'n peinsende uur te spandeer om die lewe van Christus van die krip tot Golgotha te hersien. Ons moet dit punt vir punt neem en die verbeelding elke toneel helder laat beetpak, in besonder die sluitingstonele van Sy aardse lewe. Deur sodoende Sy leringe en lyding en die oneindige offer wat hy vir die verlossing van die mensdom gemaak het te oorpeins, sal ons

ons geloof versterk, ons liefde opwek en dieper besiel word met die Gees wat ons Verlosser krag gegee het. As ons uiteindelik gered wil word, moet ons almal die les van berou en verootmoediging en geloof aan die voet van die kruis leer.

Hier word die aanbeveling gemaak dat elke Chrsten elke dag 'n uur spandeer in die oorpeinsing van die leringe en offer van ons Here. 'n Toegewyde lewe wat op hierdie manier ontwikkel word, sal 'n sterker geloof oplewer, groter liefde vir God en mens en 'n lewe besiel met meer van die Gees wat ons Verlosser krag gegee het. Hierdie praktyk is die perfekte genesing vir Laodicéisme.

So hoe bewerkstellig ons hierdie oogmerk? Sodat ons hierdie behoefte kan bevredig, het God vir ons die diepsinnigste, godsdienstigste middel, aan die mens bekend, gegee om te gebruik. Hierdie middel is die verslag van Christus se lewe soos vervat in die evangelies van Mattheüs, Markus, Lukas en Johannes.

Elke môre vir ongeveer een uur oorpeins ek biddend verskeie hoofstukke van die Evangelies. Ek begin met Mattheüs en wanneer ek Johannes verskeie weke later voltooi, begin ek weer met Mattheüs. Die lees en oorpeinsing van gedeeltes van die Evangelies is 'n eenvoudige manier om met Christus in wisselwerking te wees. Hierdie is nie 'n plek vir spoedlees nie. Ek probeer ook nie om die Skrifgedeeltes te memoriseer of te verklaar nie. Ek soek ook nie een of ander nuwe bewyse vir leerstellinge standpunte nie. In my lees probeer ek net verstaan wat Christus se boodskap vir my persoonlik beteken. Ek wil na Sy karakter verander word.

Dit is deur die heerlikheid [karakter] van die Here te aanskou dat ons na Sy beeld [karakter] verander word (vgl. 2 Kor. 3:18). Na raming het ek die afgelope drie jaar meer as vyftig keer deur die Evangelies gelees. Ek het nooit vantevore aan 'n gebruik deel gehad wat so kragtig is nie. Die



herhaling is absoluut 'n godsgawe. Die uitwerking op my persoonlike lewe was radikaal.

Sedert ek my aandag op die Evangelie-verhale sentreer, het ek begin om Christus se woorde oor al die ander woorde te stel. Sy gesag is oppermagtig. Al die ander woorde, of van die Bybel of die Gees van Profesie, kry hulle gesag van Hom en moet in presiese harmonie met Syne wees. **Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar My woorde sal nooit verbygaan nie.** - Lukas 21:33. Dit het vir my duidelik geword dat alle ander Skrifgedeeltes in die lig van Christus se lewe en Sy leringe geïnterpreteer moet word. Die enigste manier om 'n optimum verstaan van die Skrifte te verkry is om dit met Christus se perspektief stewig in gedagte te benader. Hierdie gewyde plan dompel die verstand in Sy perspektief.

Mense wat 'n daaglikse, toegewyde lewe het wat op die persoon van Christus gefokus is soos uit die Evangelies blyk, kan makliker vir evangelisasie georganiseer word en organiseer hulself dikwels om die evangelieopdrag na te kom. Hulle is deur die Gees en die voorbeeld van hulle Verlosser gemotiveer.

Laodicéa het nie 'n gebrek aan organisasie of doelstellings of planne nie. Ons sal nie ons opdrag vervul deur 'n beter metode te vind nie - ons besit alreeds voldoende planne en metodes. Wat Laodicéa kortkom, is die krag en motivering wat van 'n lewende verhouding met Jesus Christus kom.

Maar uiteindelik sal Laodicéa die werk van God voltooi. Die eintlike vraag is watter deel sal jy daaraan hê?

Leraar James Mclain, leraar van Otis Orchards, Washington en Post Falls, Idaho Sewendedag Adventiste Kerk.

\*\*\*\*\*